NG KERK

OOSTELIKE SINODE

AGENDA

VIR DIE EEN-EN-TWINTIGSTE

SINODESITTING

7 – 10 OKTOBER 2024

INHOUDSOPGAWE

WELKOM 1
VOORWOORD 3
KAART NA WEESGERUS 5
SINODELIED 6
PROGRAM 2024 9
1 ONS SINODE-FAMILIE VERGADER 11
1.1 Vooraf 11
1.2 Verwelkoming 11
1.3 Afgevaardigdes 11
1.4 Konstituering 19
1.5 Praktiese reëlings vir die vergadering 19
1.6 Openingsboodskap 20
1.7 In memoriam 20
2 VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD 23
3 TAAKSPAN: LERAARVERSORGING 27
3.1 Samestelling van taakspan 27
3.2 Agtergrond en wat aanleiding gegee het tot hierdie fokusarea 27
3.3 Doelwitte 28
3.4 Navorsingsprojek 28
3.5 Beplanning vir die volgende twee jaar 37
3.6 Slotsom 37
4 TAAKSPAN: EKOLOGIE 39
4.1 Laerskoolkampe 39
4.2 Volwasse Konferensie 39
4.3 Sinodesitting 39
4.4 Getuienis deur 'n groener leefwyse 40
4.5 Boomplant 40
5 TAAKSPAN: JEUG EN GESINNE 41
5.1 DOELWITTE van die taakspan: 41
5.2 Afgelope 2 jaar 41

5.3 Beoogde INISIATIEWE: 43
5.4 Roetemerkers 43
6 FONDSEDIENSGROEP 51
6.1 Finansiële State 2024 Boekjaar 51
6.2 Begroting 2025 54
6.3 Half-jaar Prestasie 2025 Boekjaar 56
6.4 Beskrywingspunt Ring van Lyttelton 57
6.5 Fondsediensgroep Reaksie 58
7 TAAKSPAN: MISSIONALE KERKWEES 63
7.1 Inleiding 63
7.2 Samestelling van die Taakspan 64
7.3 Doelwitte om uitvoering te gee aan bogenoemde visie 64
7.4 Wat is gedoen, wat word beplan en hoe mense betrokke kan raak 65
7.5 Slot 68
8 KERKREGDIENSGROEP (KRDG) 69
8.1 Orde van die verslag – aanbeveling 1 69
8.2 Tafelgesprekke - kerkregtelike scenario's 69
8.3 Beskrywingspunte 69
8.4 Wysigings aan die bepalinge van die Familiereëls van die Oostelike Sinode. 74
8.5 Aanwysing van verteenwoordigers 80
9 TEOLOGIESE OPLEIDING 81
10 TAAKSPANNE: GEMEENTE-ONDERSTEUNING EN KOMMUNIKASIE 87
10.1 Verslag: Taakspan gemeente-ondersteuning 87
10.2 Verslag: Taakspan kommunikasie 88

WELKOM

as afgevaardigde

by die

21ste sitting van die

OOSTELIKE SINODE

Ons kom by die Weesgerusoord

buite Modimolle / Nylstroom bymekaar.

VOORWOORD

Baie welkom by die 21ste sitting van die NG Kerk Oostelike Sinode. Dit is altyd lekker om mekaar weer op hierdie wyse te sien, saam oor die Here en sy kerk te besin en saam te kuier.

Oostelike Sinode word vanjaar 45 jaar oud. Op 2 November 1979 het die Sinode afgestig van die Sinode van Noord-Transvaal. Ds Freek Swanepoel het vroeër oor hierdie gebeure geskryf:

ONS EIE SINODE SE EERSTE TREE.

Op 2 November 1979 stap die afgevaardigdes van 81 gemeentes opgewonde soos Israel van ouds 'n nuwe toekoms in. Hulle op droë grond na Kanaän en ons op pers jakarandabloeisels vanaf die Stadsaal van Pretoria na die SATU-saal in Visagiestraat. Dit is die geboortedag van die elfde en jongste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Sinode van Oos-Transvaal. Vir die ideaal is lank en hard gewerk en daarom was daar groot opgewondenheid en verwagtings onder die 108 leraars en 101 ouderlinge.

Ds JL Grobler van Badplaas neem as oudste leraar die konstituering waar. Hy lees uit Hebr. 13 : 20 -21.

Die Moderatuur word soos volg verkies:

- *Moderator: Ds Nico Mostert, die regsspesialis;*
- *Assessor: Ds Piet Viviers, die beplanningspesialis;*
- *Aktuarius: Dr Kerneels van Heerden die sendingspesialis;*
- *Skriba: Oudl (ds) Freek Swanepoel, die jeugspesialis en*
- *Asst-skriba: Ds Kobus Keyter, die onderwysspesialis.*

Die Here seën die Sinode met nog geestelike gawes en spesialiste om die werksaamhede van die Sinode te lei, soos: Oom AV Strydom (Fondse), PK Mentz (Ampsbediening), Neels Otto (Erediens), Kobus Keyter (Jeug), Willem Louw (Sending), Ains Keyter en Johanna du Plessis (Vroue). Daar is ook 'n hele aantal entoesiastiese jong leraars wat later diep spore in die Sinode sou trap, soos Piet Meiring, Johann Fourie, Henry van der Schyff, Johann Ernst, Gert Reinecke, Jannie van Eeden, Danie Dreyer, Jan Wandrag, Eugen Krùger, Piet Bezuidenhout, Lemmer Venter en nog vele ander.

Die ywerige en besielde ouderlinge het ook na vore getree soos : Oom Okkie Doyer, Wil Radley, WG James, Prof Landman, Johan Fölscher, HC Prinsloo, Pieter de Wet, Tielman Roux, Joos Hattingh en nog vele meer.

Aan die gemeentes is die volgende boodskap gestuur:

Die Sinode vertrou dat hierdie die begin is van 'n mooi hoofstuk in die geskiedenis van ons Kerk. Daar lê 'n lang en steil pad voor en daar is geweldige uitdagings. Laat ons almal saam hard werk in hierdie Sinode tot eer van die Here.

I Kor. 16:13 — Wees wakker, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk! Laat alles by julle in liefde geskied.

PW de Wet
F Swanepoel

Goedgekeur.

Doom Mostert het soos volg afgesluit:

Die Moderator lees Luk. 1:66 voor. Hy stel die Sinode voor as 'n kind wat gebore is. Sy gebed is dat die Here se hand van seën op die Sinode van Oos-Transvaal sal rus. Hy roep ook die Sinode op om hulleself deur die Here te laat gebruik.

So het dit in 1979 begin en nou getuig die Oostelike Sinode steeds dat Jesus Christus die Here is van sy kerk en sy koninkryk.

Ds Freek Swanepoel (Moderator 1987 – 1995)

Mag jou deelname aan hierdie Sinodesitting vir jou kosbaar wees. Ons oortuiging in hierdie dae is steeds: “Here, hier is ons. Stuur ons!”

Dr Johan Botha

Ds Francois Retief

Uitvoerende Amptenare

KAART NA WEESGERUS

Hierdie kaart dui aan waar Weesgerus buite Modimolle / Nylstroom geleë is.

Vanaf die Noorde neem die R101 afrit na Modimolle, vanaf die N1.

Vanaf Pretoria neem die R33 afrit na Modimolle, vanaf die N1.

Vanaf Modimolle volg die R33 in 'n westelike rigting. Weesgerus Vakansieoord is 3.2km verder aan die linkerkant.

SINODELIED

Woorde & Melodie: U Trümpelmann

(Aug 1999)



Ons wil ons hele lewe wy

F Clusen — G Agenbag



PROGRAM 2024

MAANDAG 7 OKTOBER 2024

12:00 Registrasie van afgevaardigdes begin

13:45 Afgevaardigdes ontvang sleutels van chalets

14:00 Welkom

Openingsboodskap: dr Tertius Erasmus, voorsitter van die Sinodale Diensraad

Uittredende Uitvoerende Amptenaar: Simboliese oorhandiging ds Francois Retief en dr Johan Botha

Konstituering

In memoriam

Praktiese reëlings

Kenmekaar: ds Maartje van der Westhuizen, ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad

15:30 Koffietyd

16:15 Taakspan Ekologie: Waar is ons?

17:00 Verslag: Sinodale Diensraad

18:30 Afsluiting: dr Tertius Erasmus

19:00 Aandete

DINSDAG 8 OKTOBER 2024

08:00 Lofprysing en wydingsgeleentheid

09:00 Verslag: Taakspan Leraarversorging

11:00 Teetyd

11:45 Verslag: Taakspan Ekologie

12:45 Winkerk: Jan Venter

13:00 Middagete

14:00 Verslag: Taakspan Jeug en Gesinne

16:00 Koffie

16:45 Verslag: Fondsediensgroep

18:30 Afsluiting

19:00 Aandete

WOENSDAG 9 OKTOBER 2024

08:00 Lofprysing en wydingsgeleentheid

09:00 Verslag: Taakspan Missionale Kerkwees

11:00 Teetyd

11:45 Predikante- en Amptenare Pensioenfonds

13:00 Middagete

14:00 Besoek: Algemene Sinode

15:30 Koffie

16:15 Verslag: Kerkregdiensgroep

18:00 Teologiese Opleiding: dr Tertius Erasmus

18:30 Afsluiting

19:00 Aandete

DONDERDAG 10 OKTOBER 2024

08:00 Lofprysing en wydingsgeleentheid

09:00 Verslag: Gemeente-ondersteuning en kommunikasie

11:00 Afsluiting: ds Maartje van der Westhuizen

11:15 Verdaag

1 ONS SINODE-FAMILIE VERGADER

1.1 VOORAF

1.1.1 Plek

Ons vergader in die saal te Weesgerus vakansieoord.

1.1.2 Registrasie

1. Registrasie vind plaas op Maandag 7 Oktober 2024 tussen 12:00 en 13:45. Daar is duidelike aanwysingsborde na die area waar die registrasietafels is. Die tafels is gerangskik volgens die name van die gemeentes.
2. Gemeentes het reeds geloofsbriewe ingedien. Primarius-afgevaardigdes wie se name op die geloofsbriewe van die gemeente verskyn, kan registreer. In gevalle waar die primarius nie ter vergadering kan wees nie, kan die sekundus-afgevaardigde registreer.
3. Gemeentes wie se afvaardiging verander het, moet met 'n nuwe gewysigde geloofsbrief van die kerkraad by die Uitvoerende Amptenaar aanmeld.
4. Afgevaardigdes ontvang tydens registrasie naamkaartjies wat ook die nommer van die sitplek waar die persoon sit, aandui. Hierdie naamkaartjies moet die hele tyd gedra word: dit gee toegang tot die vergaderlokaal.
5. Persone wat ná die formele registrasie-proses opdaag, moet eers by die Notulespan agter in die saal aanmeld sodat die nodige administrasie gedoen kan word. Hulle ontvang dan ook dáár 'n naamkaartjie wat hulle toegang tot die vergaderlokaal verleen.
6. Afgevaardigdes neem om 13:55 hulle plekke soos toegedeel, in.

1.2 VERWELKOMING

Voorsitter van die Sinodale Diensraad, dr Tertius Erasmus.

1.3 AFGEVAARDIGDES

Die naamlys van afgevaardigdes wat tot 12 September ontvang is, is as volg:

PREDIKANTE	PRIMARII	SEKUNDI
Alkmaar	Johannes (CJ) van der Merwe	
Amersfoort	Gerhard (GJ) Green	Karen (KJ) Jacobs
Amsterdam	Ruan (RJ) du Plooy	
Badplaas		
Barberton	Pieter (PA) Malherbe	
Basileia	Marius (AM) Nel	
	Louis (LPJ) Cloete	
Belfast	Jan (JH) Potgieter	
Blinkpan		Jossie (J) van den Berg
Breyten	Marius (MS) Smit	
Bronkhorstspruit	Tertius (T) Erasmus	
Burgersfort	Johan (JPT) Koen (snr)	Jeanette (J) de Jager
Carolina	Dawie (DH) Nieuwoudt	
Chrissiesmeer	Dawie (DH) Nieuwoudt	Pieter (PSJ) Strydom
Debruinpark	Dif (DF) Ehlers	
Dennesig	Vollie (RM) Gilfillan	
Doornkloof		
Elarduspark	Danie (DB) Vermaak	Louinette (LA) Weyer
	Maartje (M) van der Westhuizen	
	Lieze (LF) Meiring	
	Christian (C) Oberholzer	
	Delanie (D) Bezuidenhout	
Ermelo		Willie (WP) Jacobsz
Ermelo-Oos	Geen geloofsbrief ontvang	
Goedgegun	Geen geloofsbrief ontvang	
Graskop	Geen geloofsbrief ontvang	
Gravelotte		
Groblersdal	Geen geloofsbrief ontvang	
Hazyview	Sterns (HES) Pretorius	
	Ingrid (IC) Joubert	
Hendrina	Tielman (TM) Roux	Alta (AC) Roux
Kampersrus	Pieter (PJ) Dorey	

PREDIKANTE	PRIMARII	SEKUNDI
kerksondermure	Fanie (JS) Venter	Riaan (R) Smit
	Colin (CG) Smith	Christiaan (CM) le Roux
	Neels (N) Marais	Dewan (D) Lombard
	Gerrit (GJ) Visser	Wilma (W) du Plessis
	Stefan (S) Fourie	Rene (R) Naude
Kloofsig	Geen geloofsbrief ontvang	
Komatipoort	Chris (CF) Jacobs	
Kragveld	Geen geloofsbrief ontvang	
Krielpark	Carine (C) Botha	
Krugerwildtuin	Juanita (J) Greyvenstein	
Laeveld	Geen geloofsbrief ontvang	
Letsitele	Elbert (EL) de Kock	Rochelle (RC) Schourie
Ligkruis	Raymond (RT) Kramm	
Lux Mundi	Frikkie (FRL) Coetzee	
	Marco (M) la Grange	
Lydenburg	Johan (JPT) Koen (jnr)	Colin (C) Floyd
Lydenburg-Suid	Fred (FJ) Wilson	
	Antoinette (A) Wilson	
Lynnwoodrif	Jorrie (J) Potgieter	
Lyttelton	Landi (L) Botha	
Lyttelton-Noord	Geen geloofsbrief ontvang	
Machado-Boven	Geen geloofsbrief ontvang	
Malelane	Jaco (PJG) van Niekerk	Louis (JL) Raath
Marble Hall	Theo (TE) Homann	
Meyerspark	Derick (DD) Claassens	
	Rikus (R) Blom	
Middelburg	Anton (A) Kemp	
Middelburg-Kanonkop	Casper (CH) Booy	
Middelburg-Suid	Hardus (GJ) van Niekerk	
	Rika (FM) van Vuren	
Midrand	Heinrich (HL) Momberg	
Moreletapark	Geen geloofsbrief ontvang	

PREDIKANTE	PRIMARII	SEKUNDI
Morgenzon	Stephan (S) Weyers	
Nelspruit	Anru (AH) Liebenberg	
	Jaco (JF) Strauss	
	JZ (JZ) De Jager	
Nelspruit-Suid	Jean (J) Strydom	
	Louis (LJ) Pienaar	
Nelspruit-Westergloed	Eliska (E) Muller	Marius (M) Swart
Nooitgedacht	Kobus (JJ) Mey	
Ohrigstad	Johan (JA) Burger	Hanli (JM) Kuun
Olifantsfontein	Geen geloofsbrief ontvang	
Paardekop	Samuel (SJ) Louw	
Phalaborwa	Otto (MHO) van Heerden	
Pierre van Ryneveld	Henk (H) Janse van Rensburg	
	Anandie (A) Greyling	
	Ryno (RB) Meyer	
Piet Retief	Hancke (H) Van Blerk	
	Meyer (M) van Wyk	
Premiermyn		
Pretoria-Faerie	Retha (CM) Kruidenier	
	Dieter (D) de Bruin	
Pretoria-Garsfontein	Elzeth (E) Pienaar	
	Jac (JJ) Pienaar	
Pretoria-Oosterlig	Roedolf (R) Botha	Mikal (MA) Barnes
	Ivor (ID) Swartz	
	JI (JI) de Wet	
Rayton	Chris (CJ) Lötter	
Rietkuil	Geen geloofsbrief ontvang	
Roossenekal	Geen geloofsbrief ontvang	
Sabie	Geen geloofsbrief ontvang	
Simile	Geen geloofsbrief ontvang	
Silvertonkruin	Geen geloofsbrief ontvang	

PREDIKANTE	PRIMARII	SEKUNDI
Skuilkrans	Nico (BN) Swart	
	Yolandé (Y) Giliomee	
	Nadine (N) Swanepoel	
	Willem (WS) Boshoff	
Tygerpoort	Karin (K) Steyn	
	Marco (M) Koch	
Tzaneen	Chris (CF) Zietsman	
Tzaneen-Wolkberg	Adriaan (AJPvH) van Tonder	
Valleisig	André (AC) de Villiers	
	Doret (D) Niemandt	
	Lourens (LP) van Deventer	
Voetspore Gemeenskapskerk	Manie (JH) Groenewald	
Volksrust	Frans (FCA) de Beer	Paul (PR) de Kock
Wakkerstroom	Johan (J) Bezuidenhout	
Witbank	Jim (JIF) de Villiers	
	Peet (PH) Boshoff	
Witbank-Panorama	Willem (WA) Esterhuizen	Ockert (OC) Swanepoel
Witbank-Suid	Maans (HJ) van Zijl	
	Robert (RBD) Meintjies	
Witrivier	Alisna (A) Slabbert	Louwrens (LJS) Scheepers

KERKRAADSLEDE	PRIMARII	SEKUNDI
Alkmaar	Frank (FAS) Erasmus	Charl (CD) de Kock
Amersfoort	Ewert (E) Steyn	Juanita (J) Bam
Amsterdam	Jaap (JPJ) Naudé	Konrad (KW) Munnik
Badplaas	Marius (M) Janse van Vuren	Paul (SP) Ziervogel
Barberton	Christiaan (CP) Coetzee	
Basileia	Thys (M) du Plessis	
	Jako (JS) Venter	
Belfast	Haideé (H) Potgieter	Mike (MJdeK) Hattingh
Blinkpan	Rene (CA) Taljaard	

KERKRAADSLEDE	PRIMARII	SEKUNDI
Breyten	Roger (RV) Barnett	
Bronkhorstspruit	Christiaan (CJ) Gerber	Christo (CJ) van Zyl
Burgersfort	Pieter (P) de Jager	Philip (PP) Smit
Carolina	Daleen (JM) Viljoen	Babs (B) Ruddeck-Deysel
Chrissiesmeer	JJ (JJ) Gouws	Pieter (PSJ) Strydom
Debruinpark	Riaan (RC) Beukes	Sam (S) Orten
Dennesig	Wessie (A) van der Westhuizen	Carien (CG) Möller
Doornkloof	Theuns (TC) Beer	
Elarduspark	Leon (LJ) van den Berg	
	Michael (MP) Brits	
	Marike (MD) Brink	
	Elnette (E) Moller	
	Wernard (W) van Zyl	
Ermelo	Jan (JP) Grey	Dale (DA) Groenewald
Ermelo-Oos		
Goedgegun		
Graskop		
Gravelotte	Cobus (AJ) van Jaarsveld	Shannon (S) Venter
Groblersdal		
Hazyview	Charlotte (C) van Leeuwen	Mariska (M) van Heerden
	Ian (I) Anderson	Marleen (M) Vos
Hendrina	Mari (GM) Wright	Albert (AM) Hattingh
Kampersrus	Carl (C) van Dalen	Henda (H) Oosthuizen
kerksondermure	Jan (J) Rhoodie	Marli (M) Lombard
	Carl (CS) du Preez	Christo (C) Niemand
	Hannes (JG) van Aswegen	Hannes (H) Boonzaaier
	Hermias (HC) van Zyl	Riaan (R) Smit
	Wynand (W) Smit	Rene (R) Naude
Kloofsig		
Komatipoort	Chris (C) Basson	
Kragveld		
Krielpark	Eureka (E) Oosthuizen	Wilma (W) Coetzee

KERKRAADSLEDE	PRIMARII	SEKUNDI
Krugerwildtuin	Charmaine (C) Swart	
Laeveld		
Letsitele	Hendrik (H) Nel	Yolanda (Y) Welman
Ligkruis		
Lux Mundi	Elize (EM) Botha	
	Denise (DA) van Zyl	
Lydenburg	Ben (BF) Liebenberg	Derik (FJ) Viljoen
Lydenburg-Suid	Jacques (AE) van den Berg	Frans (FJ) Winterbach
	Arnold (A) Hartzenberg	CP (CPJ) Prinsloo
Lynnwoodrif	Albert (AE) Williams	Albert (AF) Grobler
Lyttelton	Eugene (EF) van Niekerk	
Lyttelton-Noord		
Machado-Boven		
Malelane	Natasha (N) Nel	Wessel (WJE) Erasmus
Marble Hall	Kobus (JFN) Badenhorst	
Meyerspark	Wessel (WJ) Rossouw	Allen (AED) Lourens
	Helgaard (H) Muller	Dorethea (DC) Lourens
Middelburg	Kobus (GLJ) Fourie	Marthinus (MJ) Olivier
Middelburg-Kanonkop	Michael (M) Potgieter	Elmarie (E) Kriel
Middelburg-Suid	Willem (WJ) du Plooy	
	Liezl (L) Storm	
Midrand	Cay (CM) Momberg	
Moreletapark		
Morgenzon		
Nelspruit		
Nelspruit-Suid	Danie (DJH) Swanepoel	
	Gordon (CGG) Lancaster	
Nelspruit-Westergloed		
Nooitgedacht	Chris (GC) Vermeulen	Nico (NJH) de Bruin
Ohrigstad	Coleen (CJ) Burger	Frikkie (GF) Kuun
Olifantsfontein		
Paardekop	Neels (CJ) Jooste	

KERKRAADSLEDE	PRIMARII	SEKUNDI
Phalaborwa	Cornelia (CG) Heyns	Richard (RHD) Fick
Pierre van Ryneveld	Willem (WW) Steyn	
	Jeanette (JA) Coetzee	
	Elisma (E) Kruger	
Piet Retief	Gustav (GP) Kotze	Marietjie (MA) Roodt
	Lydia (A) Vermaak	John (JC) Rigard
Premiermyn	Jan (JAN) Breytenbach	Japie (JLC) Meyer
Pretoria-Faerie	Suzette (WS) Lategan	
Pretoria-Garsfontein	Isabella (AIC) Carstens	Claude (WC) Smit
	Ronnie (RA) Stanton	Theo (TD) Potgieter
Pretoria-Oosterlig	André (A) Rautenbach	NC (NC) Muller
Rayton	Robert (RJ) du Toit	Johan (J) Kirstein
Rietkuil		
Roossenekal		
Sabie		
Simile		
Silvertonkruin		
Skuilkrans	Darius (DJ) Oosthuizen	Piet (PGJ) Meiring
	Buks (AJ) Burger	Sandra (S) Botha
	André (AJ) Keun	
	Liza (EJ) de Koning	
Tygerpoort	Francois (FJ) Retief	
	Sonnika (S) Nel	
Tzaneen	Willem (W) Venter	Hennie (HJ) Viljoen
Tzaneen-Wolkberg	Hannes (JN) Müller	Flip (P) Coetzer
Valleisig	Nelia (CE) de Villiers	Carel (CHB) Gersbach
	Johanette (J) de Bruin	
	Riaan (AD) Visser	
Voetspore	Jaco (JM) van As	Christian (CM) Dry
Gemeenskapskerk		
Volksrust	Hennie (HB) Laas	Willie (WJ) Hepburn
Wakkerstroom	Bill (JJ) Nortje	

KERKRAADSLEDE	PRIMARII	SEKUNDI
Witbank	Steyn (HJS) Erasmus	Koos (JJ) Lübcker
	Neels (CJ) Wessels	Johan (JA) Myburgh
Witbank-Panorama	Johan (PJ) du Preez	Ockert (OC) Swanepoel
Witbank-Suid	Danie (DP) du Preez	
	Chrisjan (CH) Boshoff	
Witrivier	Elize (HE) Gouws	Jakobus (JJ) Verster

1.4 KONSTITUERING

Kennis van die Sinodesitting asook die geloofsbrief is aan gemeentes gestuur op **14 Mei 2024**.

Die Kerkbode is ook van die Sinodesitting in kennis gestel op **27 Junie 2024**.

1.5 PRAKTIESE REËLINGS VIR DIE VERGADERING

1.5.1 Mikrofone en spreekbeurte

Slegs een mikrofoon word voor in die saal opgestel. Deelnemers aan die vloer-gesprekke wag op die ry stoele om deur die voorsitter na die mikrofoon geroep te word.

1.5.2 Deelnemers aan die vloergesprekke

Deelnemers aan die vloergesprekke word herinner aan die ordereëling dat elke spreker hom/haar tot die voorsitter wend en dat hy/sy hulle te alle tye sal weerhou van alles wat die waardigheid van 'n kerklike vergadering in gedrang mag bring. Sprekers spreek te alle tye die voorsitter aan.

1.5.3 Familiereëls 2021

Reglement 1.5.8 lui: “Die voorsteller het 5 minute om 'n saak te stel, terwyl alle ander sprekers 3 minute geleentheid het om aan die bespreking deel te neem. Aan die einde het die voorsteller 3 minute geleentheid vir repliek.

1.5.4 Sitplekreëlings

Ons vergader om ronde tafels. Doen asseblief moeite om mekaar te leer ken. Tafels wys self 'n tafelleier aan.

1.5.5 Etes

Afgevaardigdes is self verantwoordelik vir ontbyt. Ons eet die ander twee etes saam op die terrein soos deur die Oord vir ons gereed gemaak. Daar is gereed gemaak vir alle afgevaardigdes asook persone wat saam met afgevaardigdes hier is en vooraf aangedui het dat hulle ook etes bestel en daarvoor betaal het.

1.5.6 Stemtel-reëlings

Ons Sinode ken reeds die gebruik van die kleurkaarte om die mening van die vergadering te toets. Indein daar per stembriefies gestem moet word, spel die voorsitter die prosedure uit.

1.5.7 Hantering van sakelys

Die voorsitter hanteer die sakelys van die vergadering.

1.6 OPENINGSBOODSKAP

Dr Tertius Erasmus, voorsitter van die Sinodale Diensraad.

1.7 IN MEMORIAM

Ons eer die Here vir kollegas wat as leraars in Oostelike Sinode geëmeriteer het. Die Here gee steeds die vrug op hulle werk...

Daniël Botha (Daan)
30 Maart 1950 – 25 Junie 2024

Daan word gelegitimeer in 1977.

Gemeentes:
1978 Napierville
1981 Tzaneen-Wolkberg
2010 Emeritus

Johannes Petrus Pienaar (JP)
11 Julie 1946 – 14 Junie 2024

JP word gelegitimeer in 1995.

Gemeentes:
1996 Amsterdam
2012 Emeritus
2012 Amsterdam (Vastermynleraar)
2014 Emeritus

Hermias Cornelius van Zyl (Neels)
30 Julie 1952 – 26 Julie 2023

Neels word gelegitimeer in 1979.

Gemeentes:
1980 Eshowe (stdpl Mandini)
1984 verdere studie
1987 Olifantsfontein
2011 Emeritus

Philippus Johannes Jacobus Venter (Phillip)
14 Julie 1938 – 2 April 2022

Phillip word gelegitimeer in 1964.

Gemeentes:
1965 Vereeniging-Suid
1966 Uit die bediening (Lektor UOVS)
1970 Hospitaalpark
1971 Uit die bediening
1981 Brakpan
1984 Demissie verdere studie
1986 Skuilkrans-Pretoria
1995 Emeritus
1999 Marondera
2000 Emeritus

2 VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD

VERSLAG AAN DIE OOSTELIKE SINODE VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR DIE TYDPERK 2022 – 2024

1. Die Sinodale Diensraad het gekonstitueer met die lede soos tydens die sitting van Oostelike Sinode in 2022 verkies. Die Reglement bepaal dat die Sinodale Diensraad 'n Kerkregkundige aanwys – en Willem Esterhuizen is in hierdie posisie aangewys.
2. Gedurende die termyn was daar 'n wisseling in die lede van die Sinodale Diensraad soos wat predikante beroepe aanvaar het. Die korrekte prosesse is telkens gevolg om vakatures aan te vul.
3. Die Sinodale Diensraad het uitvoering gegee aan die besluite van die Sinode se vergadering.
4. In die 2022 verslag was 'n verwysing na die skikkingsooreenkoms met 'n leraar aangaande 'n Arbeidshofsaak waarby die Oostelike Sinode as respondent gevoeg is. Die skikkingsooreenkoms is volledig afgehandel.
5. Die Sinodale Diensraad het besluit om met Taakspanne te werk wat elk fokus op die areas soos uitgewys in 'n fasiliteringsproses. Hierdie Taakspanne lewer verslag aan die Sinode oor hulle onderskeie werksaamhede.
6. Die Sinodale Diensraad moes gesprekke voer met gemeentes in die Ring van Lyttelton wat aan die ring en Sinode kennis gegee het dat hulle uit die Ring wil onttrek. Die Sinodale Diensraad het op grond van Artikel 21 toestemming verleen dat Pierre van Ryneveld na die Ring van Pretoria-Faerie Glen skuif.
7. Die Sinodale Diensraad het deel gehad aan 'n mediasieproses met die Ringsdiensraad van Lyttelton onder leiding van prof Malan Nel. Dit het gevolg op die toepassing van Artikel 22.2.2 op die Ring van Lyttelton. Die Sinodale Diensraad Dagbestuur was deel van twee mediasie-gesprekke. Na die tweede gesprek was prof Nel van mening dat hy verdere gesprek met die Ringsdiensraad afsonderlik wou voer. Die Sinodale Diensraad het uitvoering gegee aan die mediasie-ooreenkoms deur die toepassing van Artikel 22.2.2 op te skort en aan die gemeentes binne die Ring daarvan kennis te gee. Daar dien 'n beskrywingspunt van die Ring van Lyttelton voor hierdie vergadering.

8. NG Kerk Sabie het vroeër 'n wyk vir Siswati-sprekendes as deel van die gemeente gehad. In die lig van die veranderde vermoëns van die gemeente is daar besluit om die Simile-wyk as 'n selfstandighede gemeente as deel van die Ring van Lydenburg af te stig. Die voorsitter, Kerkregkundige en Uitvoerende Amptenaar van Oostelike Sinode het lede van die kerkraad ontmoet. Op 14 April 2024 is die gemeente NG Kerk Simile formeel gestig. Die Uitvoerende Amptenaar het kennis hiervan aan die Kerkbode gegee. Die Sinodehuis verleen hulp met die formele prosesse wat deel is van die stigting van 'n nuwe gemeente. Daar is groot waardering vir die rol van die Ring van Lydenburg in hierdie mooi verhaal.
9. Ons het ook die sluiting van 'n gemeente beleef toe Witbank-Vallei besluit het om nie meer as gemeente voort te gaan nie. Die rede hiervoor was die dalende lidmaat-getalle as gevolg van die veranderde demografie rondom die kerkgebou. Die leraar, ds Hannes Grobler, het geëmeriteer op 65 jaar en die gemeente se geboue is verkoop. Die opbrengs uit die verkoop is aan die Oostelike Sinode geskenk. Dit word belê om die Sinode se werksaamhede op die lang termyn te befonds en die finansiële verantwoordelikhede van gemeentes so laag as moontlik te hou.
10. Die Oostelike Sinode het steeds baie goeie verhoudinge met die CMR. Ons gee graag erkenning aan die werk wat deur maatskaplike werkers in ons gemeentes en gemeenskappe gelewer word. Dit bly 'n voorreg om hierdie werk finansieel te ondersteun. Ons glo in die bediening van die CMR.
11. Die Oostelike Sinode het steeds bande met ons ekumeniese buurman, die IRM in Mosambiek. Ons gee graag erkenning aan die werk wat Carl Louwrens, vroeër leraar van Krugerwildtuin, in dié verband gedoen het om goeie vehoudings met die leraars van die IRM op te bou. Na Carl se emeritaat het Nico Swart van Skuilkrans aangebied om die werk daar voort te sit.
12. SinOosSeën is steeds die Artikel 18A-voertuig waardeur ons fondse insamel vir ramptoestande. Die fonds word onderbenut deur lidmate en gemeentes. Oostelike Sinode het verhoudinge met betroubare organisasies om verantwoordelik te wees vir die verspreiding en aanwending van die fondse.
13. Die Oostelike Sinode loop 'n pad met gemeentes wat beswaar het oor die 2019 besluit van die Algemene Sinode rakende selfdegeslagverhoudinge. 'n Taakspan Alternatiewe Kerkverband is op die been gebring om na moontlikhede te soek vir hierdie gemeentes om onder die vaandel van die Algemene Sinode uit te kom maar steeds as deel van Oostelike Sinode te funksioneer. Na baie vergaderings, skrywes en gesprekke het dit duidelik geword dat daar tans nie 'n alternatiewe uitweg vir hierdie gemeentes is nie. Daar dien 'n beskrywingspunt in dié verband voor hierdie vergadering.

14. Oostelike Sinode het 'n lang pad geloop met die bediening van die kerk in Swaziland. Dr Arnau van Wyngaard het sy hele bediening daar gearbei. Oostelike Sinode het saam met Goudland en Hoëveld Sinode die werk ondersteun. Ons verteenwoordiger op die Swaziland Sendingkommissie was Johan Koen (snr). Francois Retief as Uitvoerende Amptenaar het die geleentheid van Arnau se emeritaat in Swaziland bygewoon.
15. Die Fondsediensgroep gee in hulle verslag terugvoer oor die finansies van die Sinode. Ons ouditeure het ons verplig om sekere gemeentes se uitstaande bydraes tot die werksaamhede van die Sinode as “twyfelagtige debiteure” aan te dui. Rekeningkundig word dit 'n uitgawe vir die Sinode – en het dus 'n negatiewe impak op die finansiële posisie van die Sinode. Hierdie vergadering sal duidelikheid moet gee oor die posisie van gemeentes wat bydraes aan die Sinode weerhou.
16. Francois Retief het gedurende September 2023 emeritaat aanvaar met 'n verdere diensooreenkoms tot September 2025.
17. Dr Johan Botha het op 1 September 2024 diens aanvaar as die Uitvoerende Amptenaar van Oostelike Sinode.
18. Tydens die eerste besoek van personeel van die Sinodehuis aan Weesgerus het ons 'n versoek van een van die werkers ontvang om vir haar 'n Bybel saam te bring. Ons het besonderhede gevra van die aantal werkers en oorhandig in hierdie week 52 Tshwana Bybels aan personeellede van Weesgerus.

3 TAAKSPAN: LERAARVERSORGING

3.1 SAMESTELLING VAN TAAKSPAN

Die huidige samestelling van die taakspan is as volg: Carl du Preez (sameroeper); Hancke van Blerk; Maartje van der Westhuizen; Marius Nel, Sonnika Nel

3.2 AGTERGROND EN WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT HIERDIE FOKUSAREA

Leraarversorging was nog altyd 'n belangrike punt op meeste kerklike agendas. Die belangrikheid hiervan is ook onlangs benadruk in gesprekke van die Sinodale Diensraad (SDR), asook tussen leraars en gemeentelede. Die volgende redes, aannames en persepsies oor leraarversorging het deurlopend in hierdie gesprekke na vore gekom:

- **Emosionele en geestelike gesondheid:** Leraars dra dikwels swaar emosionele en geestelike laste as gevolg van hul pastorale en gemeentelike verantwoordelikhede. Gefokusde versorgingsinisiatiewe kan dus help om uitbranding en geestelike moegheid te voorkom.
- **Werksdruk en verwagtinge:** Leraars is dikwels onder hoë druk om aan die verskillende behoeftes van hul gemeentes te voldoen. Hulle berei voor vir preke, lê besoeke af by gemeentelede, behartig gemeente administrasie/ bestuur en hanteer dikwels krisisse in hul gemeenskap. Hierdie intense werksdruk en uiteenlopende fokusareas kan lei tot uitbranding indien dit nie behoorlik bestuur word nie.
- **Gebrek aan ondersteuning:** Leraars voel soms geïsoleerd, veral in kleiner gemeentes of plattelandse gebiede waar daar minder kollegiale ondersteuning beskikbaar is. 'n Fokus op leraarversorging kan help om 'n netwerk van ondersteuning te skep.
- **Gesinslewe en balans:** Leraars moet 'n balans vind tussen hul professionele en persoonlike lewens. Daar is dikwels die persepsie dat 'n leraar 24/7 beskikbaar moet wees wat hierdie balans bemoeilik. Ondersteuning en versorging kan help om gesinsverhoudinge te versterk en die risiko van spanning op leraars se gesinne te verminder.

- **Voortgesette opleiding:** Deurlopende professionele ontwikkeling en opleiding is belangrik vir groei, ook binne 'n leraar se bediening. Leraarversorging kan opleiding en mentorskap insluit om 'n leraar te help groei in sy/haar roeping.
- **Ekklesiologiese en teologiese oorwegings:** Binne die NG kerkverband is daar teologiese en ekklesiologiese aspekte wat leraarversorging beklemtoon. Die gesondheid en welstand van 'n leraar kan gesien word as integraal tot die gesondheid en effektiewe funksionering van gemeentes en die kerk as geheel.
- **Kerkleierskap en stabiliteit:** 'n Leraar wat goed versorg en ondersteun word, is meer geneig om stabiele en doeltreffende leierskap te bied. Dit dra by tot die algehele stabiliteit en groei van 'n gemeente.

Dit sal dus sin maak dat kerklike strukture op verskillende vlakke (kerkrade, ringe en die Sinode) help om leraars te ondersteun in hul roeping en sodoende 'n positiewe impak op die hele geloofsgemeenskap te maak.

3.3 DOELWITTE

Die oorkoepelende doelwit van die taakspan is:

- Om riglyne daar te stel vir voorkomende, sowel as reaktiewe leraarversorging.

Spesifieke doelwitte:

- Om te bepaal wat leraars self as leraarversorging beskou.
- Om te bepaal wat leraars se bedieningsvreugde, emosionele en geestelike welstand negatief kan beïnvloed.
- Om riglyne daar te stel vir leraarversorging op kerkraad, ring en sinodale vlakke.

3.4 NAVORSINGSPROJEK

Die taakspan wou bogenoemde redes, aannames en persepsies (bespreek in afdeling 1) ten opsigte van leraarversorging verstaan, uitbrei en bevestig. Daar is besluit om gedurende 2023 'n aanlyn-navorsingsvraelys saam te stel en aan al die leraars in die Oostelike Sinode te stuur. Die navorsingsvraelys was anoniem en daarop gemik om uit te vind wat leraars beskou as leraarversorging, watter versorging tans op verskillende vlakke (kerkraad, ring en Sinode) plaasvind al dan nie, asook vrae rondom aspekte wat moontlik hulle bedieningsvreugde,

emosionele en geestelike welstand negatief kan beïnvloed. Die aanlyn-navorsingsvraelys was uitgestuur in die Familienuus 434 tot 436 via e-pos.

Die taakspan het ook gesprekke met persone vanuit vier ander Sinodes gevoer ten opsigte van beste praktyke rakende leraarversorging.

3.4.1 Bondige terugvoer van Leraarversorgingsvraelys

47% van alle leraars (respondente) in die Oostelike Sinode het die vraelys ingevul.

3.4.1.1 Grootte van gemeentes

Die verspreiding ten opsigte van die grootte van die gemeente waarin die leraars bedien, is as volg:

- 45% medium-grootte gemeentes (200 tot 1000 belydende lidmate)
- 23% groot gemeentes (1000 tot 3000 belydende lidmate)
- 17% makro gemeentes (3000 plus belydende lidmate)
- 15% klein gemeentes (minder as 200 belydende lidmate)



3.4.1.2 Getal leraars in gemeentes

Die verspreiding ten opsigte van die getal leraars per gemeente waarin die leraars bedien, is as volg:

- 42% (enigste leraar in die gemeente)
- 18% (twee kollegas)

- 17% (meer as drie kollegas)
- 15% (een kollega)
- 8% (drie kollegas)



3.4.1.3 Definisie van leraarversorging

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van 'n definisie van leraarversoring, het die onderstaande primêre en sekondêre temas na vore gekom:

- **Primêre temas:** Emosionele Versorging (motivering, ondersteuning, belangstelling, ens.); Geestelike Versorging; Fisiese Versorging (vergoeding, verlof, ens.)
- **Sekondêre temas:** Help leraar om balans te vind; Terapeutiese dienste; Begelei kerkrade om leraar te versorg; Bedien leraar met raad; Versorging deur Sinode ; VBO opleiding

Hier is 'n geformuleerde **definisie** gebaseer op bogenoemde temas :

Leraarversorging is 'n holistiese benadering tot die welstand van leraars wat geestelike, emosionele, fisiese en sosiale ondersteuning insluit. Dit behels die skep van 'n ondersteunende omgewing deur die gemeente, kerkraad en breër kerkverband, asook toegang tot professionele hulpbronne. Die doel is om leraars toe te rus, te versterk en te motiveer om hul roeping effektief en volhoubaar uit te leef, terwyl hulle 'n balans tussen werk en persoonlike lewe handhaaf.

3.4.1.4 Bedieningsvreugde

Vanuit die vraelys het 60% leraars aangedui dat hul bediening in lyn is met hulle verwagtinge, 25% dat dit net soms in lyn is daarmee en 15% voel dat hulle bediening nie in lyn is met hulle verwagtinge nie.

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **watter faktore 'n leraar se bedieningsvreugde steel**, het die onderstaande primêre en sekondêre temas na vore gekom:

- **Primêre temas:** Kerkpolitiek; Konflik en twis; Finansiële druk; Onbetrokke lidmate; Klaende / negatiewe lidmate; 24/7 beskikbaarheid; Randsake; Land se politiek; Tydbestuur
- **Sekondêre temas:** Vergaderings; Traagheid vir verandering; Selfsug; Emosionele teistering; Uitbranding; Rassisme en seksisme; Misverstande oor rolle; Kerk administrasie en -beleide; Eensaamheid

Hierdie temas beklemtoon die verskeidenheid en kompleksiteit van die uitdagings wat leraars se bedieningsvreugde kan steel en die noodsaaklikheid vir beter ondersteuning, begrip en realistiese verwagtinge binne die gemeente en breër kerklike struktuur.

3.4.1.5 Betrokkenheid van KERKRADE by leraarversoring

Die verspreiding ten opsigte van die betrokkenheid van kerkrade by leraarversorging in die gemeente waarin die leraars bedien, is as volg:

- 60% (Redelik min tot Geensins)
- 40% (Redelik baie tot Baie)



Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **die tipe betrokkenheid van kerkrade** by leraarversorging wat effektief is, het onderstaande temas na vore gekom:

- DVK ondersteuning
- Ondersteuning en sorg deur kollegas/span
- Informele versorging deur spesifieke gemeentelede
- Professionele hulp wat deur gemeente betaal word
- Sorg en ondersteuning deur middel van VBO, retreats en/of leraars-konferensie geleenthede

In gemeentes waar leraarversorging en -verhoudings goed funksioneer, is daar 'n sterk kollegiale ondersteuningstelsel, toegang tot professionele hulp en formele strukture vir gereelde gesprekke oor welstand. Daar bestaan ook goeie verhoudings met die kerkraad, gereelde waardering en erkenning, asook geleenthede vir ontspanning en professionele ontwikkeling. Hierdie temas benadruk die belangrikheid van 'n geïntegreerde en ondersteunende omgewing om die welstand van leraars te verseker.

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **leraars se verwagtinge van die kerkraad** ten opsigte van leraarversorging, is as volg:

- Ondersteuning deur middel van 'n aktiewe DVK-diensgroep
- Omgee, meelewende en waarderende kultuur
- Gereelde en oop kommunikasie (informeel en formeel)
- Samewerking, skakeling en begrip vir kerk se werksaamhede

- Voorbidding
- Konstruktiewe terugvoer
- Versorging (fisies, emosioneel, diensvoorwaardes.)
- Ontwikkelingshulp
- Toegang tot professionele hulp

Hierdie temas toon die wye verskeidenheid van verwagtinge wat leraars het ten opsigte van versorging en ondersteuning vanuit hul gemeentes en kerkrade.

3.4.1.6 Betrokkenheid van RINGE

Die verspreiding ten opsigte van die betrokkenheid van ringe by leraarversorging in die gemeente waarin die leraar bedien, is as volg:

- 75% (Redelik min tot Geensins)
- 25% (Redelik baie tot Baie)



Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **betrokkenheid van ringe by leraarversorging** wat effektief is , het onderstaande temas na vore gekom:

- Onderlinge uitreik deur kollegas/span
- Toerusting en kontakgeleenthede (retreats, spanbou, leraars-byeenkomste, ontbyte, ens.)
- Ringsitting
- Visitasie, konsulente en kanselruilings

In ringe waar leraarversorging en verhoudings goed funksioneer, word gereelde byeenkomste, spanbou-geleenthede en informele kontak soos WhatsApp-groepe gebruik om leraars te verbind en te ondersteun. Onderlinge ondersteuning, vriendskap, gebede en besoeke speel 'n belangrike rol. Oop en ondersteunende verhoudings skep 'n omgewing waar leraars hul wel en weë kan deel. Formele en informele strukture dra by tot 'n gevoel van behoort en ondersteuning. Uitdagings soos ongesonde kompetisie en uitsluiting deur kollegas kan egter die effektiwiteit van hierdie versorging belemmer.

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **leraars se verwagtinge van die ring** ten opsigte van leraarversorging het die volgende verwagtinge na vore gekom:

- Bou en skep van veilige omgewing vir gesonde onderlinge verhoudinge
- Belangstelling en bemoediging
- Begeleiding en mentorskap
- Deel van goeie praktyke en hulpbronne
- Dinkskrums
- Gereelde kommunikasie en persoonlike kontak
- Afloshulp
- Hou gemeentes verantwoordbaar vir leraarversorging

3.4.1.7 Betrokkenheid van SINODE

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **leraars se verwagtinge van die Sinode** ten opsigte van leraarversorging, het die volgende na vore gekom:

- Sinodes moet leiding gee aan kerkrade oor hoe om leraars te ondersteun
- Reël van opleidingsgeleenthede (bv. leraarskonferensie, ens.)
- Bied anonieme en konfidensiële ondersteuning en berading vir leraars wat ernstige persoonlike uitdagings ervaar
- Administratiewe ondersteuning
- Hulp met interpretasie van Familiereëls
- Voorsiening van hulpbronne t.o.v. leraarversorging

3.4.1.8 Belangrikheid van selfsorg

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **hoe belangrik leraars SELFSORG ag**, het die volgende response na vore gekom:

- Uiters belangrik
- Selfsorg is 'n persoonlike verantwoordelikheid
- Uitdagings in die praktiese uitvoering van selfsorg: Tydsbestuur en die eise van die bediening wat dit moeilik maak om tyd te vind en grense te stel
- Dimensies van selfsorg: 'n Gebalanseerde en holistiese benadering tot selfsorg is belangrik, insluitend fisiese, emosionele, en geestelike gesondheid

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **watter tipe selfsorg** leraars toepas, het die volgende na vore gekom:

- Fisiese selfsorg: Gereelde oefening en gesonde eetgewoontes
- Emosionele selfsorg: Onderhou van gesonde verhoudings, asook gebruik van mentors of terapie
- Geestelike selfsorg: Stiltetyd, gebed en geestelike groei
- Tyd in die natuur
- Balans en grense: 'n Gebalanseerde lewe tussen werk en ontspanning, met genoeg tyd vir 'n lewensmaat, gesin en vakansies
- Kreatiewe en intellektuele aktiwiteite: Beoefen stokperdjies, lees, luister na musiek, ens.

Hierdie temas beklemtoon 'n multi-faset benadering tot selfsorg wat leraars gebruik om fisies, emosioneel en geestelik gesond te bly.

3.4.1.9 Leraars se ondersteuningsnetwerk

Vanuit 'n tematiese analise van al die kwalitatiewe response ten aansien van **wat deel uitmaak van hul ondersteuningsnetwerk**, het die volgende na vore gekom:

- Gesin en familie: Primêre ondersteuning kom van hul gesinne, insluitend eggenoot, kinders, en uitgebreide familie.
- Kollegas en medewerkers: Ondersteuning van kerkraad, kollegas, mentors en bedieningspanne.
- Vriende en gemeentelede: Ondersteuning van vriende in en buite die gemeente, asook individuele gemeentelede.
- Professionele hulp en beraders: Toegang tot terapeute, sielkundiges, maatskaplike werkers en mentors.
- Geloofs- en gebedsondersteuning: Geloofsverhoudings, gebedsgroepe en pastorale ondersteuning.

- Administratiewe ondersteuning: Ondersteuning van kantoor- en administratiewe personeel.

Hierdie temas toon die diverse bronne van ondersteuning waarop leraars staatmaak om hul bediening te volhou, met die klem op gesin, kollegas, vriende, professionele hulp, geloofsondersteuning en administratiewe hulp.

3.4.2 Ander Sinodes is gekontak om uit te vind wat hul beste praktyke is ten opsigte van leraarversorging

Vanuit hierdie ondersoeke is verskillende inisiatiewe uitgelig:

- Formele en informele prosesse
- Induksieprogram vir nuwe leraars deur die Sinode
- Leraarbegeleiding prosesse
- Leraarontwikkeling prosesse
- Leraaropleiding prosesse
- Leierskapsontwikkeling prosesse
- Mentorskapprosesse
- Wegbreke, retreats en konferensies
- Berading- en versorginsprosesse
- Bemagtigende VBO temas en werkwinkels
- Spesifieke poste of aanstellings geskep wat hierdie funksie behartig
- Spesiale begroting en kostes gekoppel aan prosesse

3.4.3 Doelwit-aktualisering

Vanuit die terugvoer van die leraarversorgingsvraelys kan die onderstaande aktualisering van doelwitte uiteengesit word.

Die oorkoepelende doelwit van die taakspan is:

- Om riglyne daar te stel vir voorkomende, sowel as reaktiewe leraarversorging.

Spesifieke doelwitte:

- Om te bepaal wat leraars self as leraarversorging beskou. (sien 3.4.1.3)
- Om te bepaal wat leraars se bedieningsvreugde, emosionele en geestelike welstand negatief kan beïnvloed. (sien 3.4.1.4)
- Om riglyne daar te stel vir leraarversorging op kerkraad-, ring- en sinodale vlakke. (sien 3.5)

3.5 BEPLANNING VIR DIE VOLGENDE TWEE JAAR

Die taakspan het die onderstaande as prioriteite geïdentifiseer vir die volgende twee jaar:

1. Om tydens die Oostelike Sinodesitting al die navorsingsbevindinge te deel en inkoop van leraars en kerkraadslede te kry ten aansien van die belangrikheid van leraarversoring.
2. Om tydens die Oostelike Sinodesitting 'n spreker te nooi vir 'n sessie oor: ‘Solution focused’ Selfsorg.
3. Om tydens die Oostelike Sinodesitting 'n bruikbare riglyn dokument oor leraarversoring vir kerkrade beskikbaar te stel..
4. Om voor die einde van 2024 basiese opleidingsmateriaal vir kerkrade te ontwikkel gebasseer op die riglyn dokument.
5. Om voor die einde van 2024 'n beradingdiens en proses vanaf die Sinode in plek te hê vir anonieme en konfidensiële berading en ondersteuning aan leraars wat ernstige persoonlike uitdagings ervaar.
6. Om teen middel 2025 bruikbare riglyn dokumente oor leraarversoring vir ringe en Sinodes beskikbaar te stel aan enige belanghebbendes.
7. Om jaarliks twee selfsorg emosionele welstand opleidingsgeleenthede aan te bied vir leraars.
8. Om 'n loodsprojek te iniseer vir 'n leraar groepsontwikkelings program teen einde 2025.

3.6 SLOTSOM

Die effektiewe samewerking tussen Sinodes, ringe, en kerkrade is noodsaaklik om 'n ondersteunende omgewing vir 'n leraar te verseker. Elke vlak speel 'n unieke rol wat bydra tot die algehele welstand en doeltreffendheid van die kerk se bediening deur hul leraar. Hierdie beplanning en voorgestelde strukture kan help om te verseker dat 'n leraar gesond en gemotiveerd bly in sy/haar bediening.

4 TAAKSPAN: EKOLOGIE

4.1 LAERSKOOLKAMPE

Ekofaktor- en Eko 7-kampe: 25 – 28 September 2024.

Die kampe vind afsonderlik plaas, behalwe as daar te min inskrywings is.

Ekofaktor Bergenrivier - Tema: Insekte.

Eko-7 Badplaas - Tema: Voëls, insekte en bome op die terrein en in die reservaat.

Reëlings vir hierdie kampe is in plek en inskrywingsvorms is uitgestuur.

4.2 VOLWASSE KONFERENSIE

Prof Francois du Rand is die spreker vir die volwassekonferensie 29 November tot 1 Desember te De Voedpadkloof.

Tema's waaroor Francois gaan gesels:

- Die Vloek van Prometheus
- Graan
- 3 000 Dae
- Die Menslike Dieretuin
- Insekte - ons redding.

Al die reëlings is in plek en inskrywings vir die kamp het al begin.

4.3 SINODESITTING

Prof Henk Potgieter is beskikbaar om op 8 Oktober, voor die aanvang van die sitting, 'n "boomtoer" te begelei. Hy sal ook meer inligting gee oor die rol van bome in die ekologie.

Op informele vlak beoog ons om soggens geleenthede te reël waar voëlkyk stappies geneem sal word.

Aanbieding tydens die sitting:

- Spreker oor Waterberge: 45 minute.
- Diensgroep se werk: Louis Pienaar (15 minute)

- ❖ Plastiek: die invloed daarvan op mens en dier. Willem Boshoff (30 minute)
- ❖ Tafelgesprek: Willem lei 'n Tafelgesprek

4.4 GETUIENIS DEUR 'N GROENER LEEFWYSE

Sakkies vir herwinning sal by registrasie aan Sinodegangers gegee word. Die doel is nie net om 'n groener voetspoor op Weesgerus te laat nie, maar ook om Sinodegangers aan herwinning van huisvullis bloot te stel en almal te inspireer om dit ook tuis inwerking te stel.

4.5 BOOMPLANT

Plant 'n boom as teken van ons langtermyn verbintenis tot natuurbewaring.

5 TAAKSPAN: JEUG EN GESINNE

5.1 DOELWITTE VAN DIE TAAKSPAN:

1. Ten spyte van baie uitdagings is daar steeds net so baie geleenthede om 'n impak te maak in die leefwêreld van ons kinders en jongmense. Dit is juis hulle unieke behoeftes wat hierdie geleenthede skep waar TOERUSTING en BEGELEIDING kan plaasvind.
2. BEMAGTIGING van ouers: Jeugbediening/gesinsbediening het 'n groot volwasse komponent en behoort as een van die prioriteite gesien te word. Dit sluit TOERUSTING oor geloofsvorming, geestelikegroei en sosio-emosionele ondersteuning in.
3. GEESTELIKE BEWUSTHEID: Ontwaking van geloof en spiritualiteit by kinders en jongmense is krities belangrik vir hulle geestelike, emosionele en sosiale gesondheid, asook hulle breinontwikkeling. Die direkte positiewe uitwerking word gesien in die verlaging en bestuur van tipiese risiko's in adolessensie en is blywend tot in volwassenheid. Daarom wil ons die belangrikheid hiervan tuisbring by gemeentes se leierskap, skole en kerkrade.

5.2 AFGELOPE 2 JAAR

Daar is 'n wonderlike verskeidenheid programme en produkte beskikbaar wat voortdurend ontwikkel en uitgebou word om in jeug- en gesinsbediening te gebruik. Om gemeentes en predikante bewus te maak van wat wel beskikbaar is het die taakspan 'n **Mini-jeugboks** vir predikante bymekaar gesit wat tydens die jaarlikse predikante konferensie uitgedeel is. Verder is die ringsverteenwoordigers op die SDR gebruik as bedieningsvennote om hierdie gereedskap na ringe toe te versprei. Die Mini-jeugboks het onder andere die volgende bevat: Geloofsvorming herontwerp boekie, Huisgeloof (1 van 4 boekies), Roetemerker, Missio jeugfokus (2 lesse in boekie vorm), lys en pryslys van hulbronne en produkte, en 'n interaktiewe bokse wat die inhoud dra.

In Augustus 2023 het die Jeugtaakspan, in samewerking met Excelsus, 'n **internasionale webinar** gefasiliteer. Daar het 217 leiers regoor Suid-Afrika ingeskryf vir hierdie webinar. Dr Lisa Miller, kliniese sielkundige en professor aan Teachers College (Universiteit Columbia, New York, VSA), het saam met haar span hierdie webinar aangebied. Soos in haar boek, The Spiritual Child - The New Science on Parenting for Health and Lifelong Thriving, verduidelik dr Lisa Miller breedvoerig die wetenskaplike verband tussen spiritualiteit en geestesgesondheid. Sy toon aan

dat kinders wat 'n positiewe, aktiewe verhouding tot spiritualiteit het, dus 'n lewende verhouding met God:

- is 40% minder geneig om substanse te gebruik en te misbruik,
- is 60% minder geneig om depressief te wees as ander tieners,
- is 80% minder geneig om riskante of onbeskermde seks te hê,
- en het aansienlik meer positiewe merkers om te kan floreer (insluitend 'n verhoogde gevoel van betekenis en doelgerigdheid) en hoë vlakke van akademiese sukses.

In die webinar verduidelik Lisa dat daar 'n duidelike verskil is tussen “Mindfulness” en geloof. “Mindfulness” vervang nie geloof nie en daarom sal geloofsvorming, geloofsbegeleiding en die geloofsfamilie se rol nooit vervang kan word nie. Die teendeel is wel waar: 'n verhouding met mede-gelowiges en met die Here is uiters belangrik vir elke fase van kinders se ontwikkeling en gesondheid in verskeie lewensfases.

Ons leef in 'n sekulêre tydperk waar ons tyd in ons gedagtes beperk is. Vir baie ouers is dit belangrik om hulle kinders te druk om te presteer op die vlak van akademie, kultuur en sport. Een van die primêre redes is dat daar 'n gevoel van 'n skaarste aan bronne is. Ouers voel dat kinders moet presteer sodat hulle later as volwassenes 'n suksesvol kan leef en nie aan die kort ent van lewensbronne hoef te trek nie. Miller en haar span se navorsing wys dat spiritualiteit, geloofsvorming en 'n verhouding met ons geloofsfamilie krities belangrik is vir ontwikkeling, meer belangrik as wat ouers sport, kultuur en akademie ag.

Die tweede sessie van die webinar het gegaan oor hoe 'n bewustheid van ons spiritualiteit, asook ons verhouding met ons geestelike self, met mede-gelowiges en met die Here, by jongmense gefassiliteer kan word. Die uitnodiging is dat geestelike leiers/leraars/jeugwerkers ouers sal begelei om te besef dat geloof verweef is in ons hele menswees en verder ouers sal begelei hoe om geloof in hulle eie kinders te vorm en hulle kinders te help begelei op hierdie reis.

In opvolg op die webinar het 'n groep predikante Lisa Miller se geakrediteerde kursus vir die aanbieding en fassilitering van *‘Awakend Awareness for Adolescents’* voltooi. Tydens die 8 weke ‘*Awakend Awareness for Adolescents’* program word tieners en jongvolwassenes begelei om geloof te ontdek en in 'n nuwe verhouding met hulself, ander en God te tree.

As verteenwoordigers van die Oostelike Sinode was taakspanlede ook in die tydperk betrokke by die Algemene Sinode se Jeugtaakspan, Kategesetaakspan, Roetemerkers en Fokusgroep vir Gemeentes en Geloofsgemeenskappe.

5.3 BEOOGDE INISIATIEWE:

1. ONTWAKENDE GELOOF: Die jeugtaakspan is besig om die '*Awakened Awareness for Adolescents*' kursus te vertaal en te verwerk vir gebruik in gemeentes. Daar word ook 'n VBO kursus vir Ontwakende Geloof beplan.
2. IN PAS: Die impak op en moontlike toepassing van die IN PAS proses binne intergeneratiewe jeugbediening word ondersoek.
3. ROETEMERKERS: Die taakspan wil gemeentes by staan in die verstaan en implimentering van Roetemerkers – moontlike boekie/webinar. (sien 5.4)

Saam met Algemene Sinode se Jeugtaakspan, wat deel vorm van die fokusgroep vir gemeentes en geloofsgemeenskappe, word daar gefokus en gewerk aan die volgende opdragte (Algemene Sinode 2023):

- Ekumeniese model vir jeugbediening en jeugnetwerke in gemeenskappe en skole
- Model vir toerusting van gemeenteleiers vir jeugbediening en kommunikasie aan gemeentes/Sinodes – Toerusting vir die skuif na "geloofsvorming"
- Ontwikkeling van riglyne en liturgiese hulpmiddels vir geloofsvorming en erediensmomente binne intergenerasionele jeugbediening. (o.a. vir ROETEMERKERS)

Die jeugtaakspan is opgewonde oor die volgende 2 jaar se werksaamhede en wil afgevaardigdes uitnooi om deel te word van ons span.

5.4 ROETEMERKERS

Hierdie is 'n verkorte en aangepaste dokument wat saamgestel is vanuit die Roetemerker verslag wat by die NG Kerk Algemene Sinode 2023 gedien het. Hierdie dokument wil slegs 'n oorsig gee. Lees gerus ook die volledige amptelike verslag.

5.4.1 WAAR KOM DIT VANDAAN?

Hoewel die term “roetemerker” 'n nuwe konsep is (sedert AS 2019), is die teologie daaragter vir die NGK baie oud. Sedert 1998 kan kinders nagmaal gebruik. Hierdie deelneem het o.a. ingesluit dat kinders ook bely dat Christus hulle Here is. So het die vraag dan ontstaan “Waarom dan nog Belydenis van Geloof?”

Reeds in 2004 het die kerk bevestig dat daar net EEN manier is waarop jy deel van die NGK kan word – en dit is deur die doop – nie deur belydenis van geloof nie

Die belydenis het te make met jou “inblywing” maar nie jou “inlywing” nie. Sedert die Algemene Sinode van 2011 is daar geworstel oor die plek, aard, teologiese begronding en ouderdom vir Belydenisaflegging (BVG) en uiteindelik is 'n verslag aan die Algemene Sinode van 2019 voorgehou waar die volgende besluit is:

1. Die sinode neem met dank kennis van al die navorsing wat oor etlike jare gedoen is oor BVG en verwante sake.
2. Die sinode besluit dat die belydenis van ons geloof nie net 'n eenmalige gebeurtenis behoort te wees wat maar net 'n eenmalige toe-eiening van geloof behels nie, maar dat daar gereelde roetemerkers (stilhouplekke) op 'n lewenslange pad is waar gelowiges hulle geloof bely.
3. Die sinode besluit om die huidige praktyk van BVG rondom die ouderdom van 17/18, uit te brei as 'n persoonlike en publieke roetemerker wat begelei na jong volwassenheid.
4. Die sinode besluit om nog 'n roetemerker op te rig by die ouderdom van 12/13 en simboliese handeling te ontwikkel wat aan hierdie kritiese deurgang uitdrukking gee.
5. Die sinode besluit om dringend aandag te gee aan liturgiese verryking en inrigting vir en tydens die verskillende roetemerkers.
6. Die sinode besluit om dringende aandag te skenk aan ouertoerusting ten opsigte van die eerste nagmaalviering van hulle gedoopte kinders en begeleiding by die daaropvolgende roetemerkers.

Die verslag wat in 2019 goedgekeur is, het verder toeligting gegee oor die aard en inhoud van roetemerkers. Wat belangrik is, is die volgende:

- Die tegniese term Belydenis van Geloof val weg ten gunste van die belydenis van geloof regdeur die lewe. Wat vasgehou word, is dat die geloofsgemeenskap of geloofsfamilie

telkens weer by kritiese lewensdeurgange/roetemerkers hierdie belydenis vier en die lidmaat (as gedoopte) dit telkens weer bevestig;

- Roetemerkers sou met verskillende betekenisse gevul en ontwikkelingsmatig gemotiveer kan word en daarom van mekaar (12/13 van 17/18) kan verskil. Ander lewensdeurgange kan insluit skool toe gaan, eerste werk, huweliksluiting, ouerskap en ander (vergelyk ook bogenoemde lys in die verband);
- Die ontwikkeling van die twee bepaalde roetemerkers neem die doop as teologiese en gemeentelike uitgangspunt. In die geval waar 'n persoon nog nie gedoop is nie, sal die doop telkens deelname aan die betrokke roetemerker voorafgaan – uiteraard met die betrokkenheid van die ouers en/of voogde.

5.4.2 WAT IS 'n ROETEMERKER?

Ons is op 'n lewenslange reis met die Here. Op hierdie reis saam met God vind ontwikkeling en groei plaas. Geloofsontwikkeling en geloofsvorming is die wisselterme wat vandag gebruik word om hierdie geloofspad van 'n individu binne 'n geloofsgemeenskap te beskryf.

Geloofsvorming gaan altyd van God uit (God neem inisiatief, God skenk geloof). Geloofsvorming is 'n lewenslange reis (proses) van groei en is nie net 'n eenmalige gebeurtenis op 'n sekere ouderdom op die geloofsreis nie. Geloofsvorming het dus ook nie 'n eindpunt (bv. belydenisaflegging) nie. God leer ons, roep ons en vorm ons deur sy Gees, maar Hy gebruik ook medegelowiges om ons (en jongmense) te begelei.

Geloofsvorming hou deeglik rekening met die verskillende ontwikkelingsfases waardeur mense beweeg van die baba-fase tot volwassenheid en die verskillende lewensdeurgange wat daarmee gepaard gaan.

Ons almal ervaar verskillende hoogtepunte en laagtepunte op ons reis. Alhoewel ons gewoonlik deur sekere lewensfases gaan, is elkeen se lewensreis uniek en elke konteks ook anders. Nie een persoon se geloofspad is dieselfde nie.

Tydens verskillende lewensfases en deurgange, kan ons God se betrokkenheid herken en vier, sodat dit ook ons eie en mekaar se geloof vorm en bevestig. Dit word roetemerkers genoem. Roetemerkers is nie sakramente nie en kan nie die sakramente vervang nie. Roetemerkers verdiep ons verstaan en belewing van die sakramente.

5.4.3 ROETEMERKERS HET DIE VOLGENDE 3 FUNKSIES:

1. Dit help met **oriëntering** – waar kom ek/ons vandaan, waar is ek/ons nou en waarheen is ek/ons op pad?
2. Dit help met **identifisering** – wie is ek/ons en wie s'n is ek/ons?
3. Dit help met **belydenis en bevestiging** – wat bely / bevestig ek / ons en saam met wie bely / bevestig ek / ons dit? Ek word herinner aan God se verbintenis en beloftes aan my by my doop en dat ek deel is van God se geloofsfamilie.

Hierdie drie funksies van 'n roetemerker word by 'n mens ingeskerp deur:

- Gesprek
- Viering
- Diens

5.4.4 TWEE BELANGRIKE ROETEMERKERS:

Navorsing en wêreldwye geloofstradisies het uitgewys dat twee lewensdeurgange belangrik is:

1. die betreding van adolessensie/puberteit rondom die ouderdom van 12/13 (ook skoolverwisseling) en
2. die betreding van jong volwassenheid rondom die ouderdom van 17/18 (ook skoolverlating).

Alhoewel daar meer deurgange bestaan wat as roetemerkers opgerig of benut kan word, is die taakspan daarvan oortuig dat hiérdie twee liturgies en in die openbaar gevier behoort te word as geleenthede waar geloof bely word.

Ander roetemerkers wat opgerig kan word is by lewensdeurgange soos om skool toe te gaan, eerste werk, huweliksluiting, ouerskap en ander. Sommige roetemerkers kan intergenerasioneel gevier word en hoef nie aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel te word nie, bv. verlies, oorwinning, eerstes en laastes, verbintenis, leierskap, ens.

5.4.5 WAT WORD VAN BELYDENIS VAN GELOOF?

Die aanbeveling wat goedgekeur is, is dat Belydenis van Geloof (BVG) ontwikkel word (aangepas en uitgebrei word) as 'n roetemerker wat jongmense begelei van adolessensie na jong volwassenheid, met ander woorde die Roetemerker vir Jong Volwassenes (17/18 jaar).

Dit is belangrik om te onthou dat

- die doop ons inlyf in God se familie - daar is dus net een manier waarop iemand toegang tot lidmaatskap van die geloofsgemeenskap verkry en dit is deur die doop (behalwe wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny was terugkeer, maar dit word op sigself dan 'n roetemerker);
- daar is nie verskillende ‘vlakke’ van lidmaatskap nie. Die onderskeid tussen dooplidmaat en belydende lidmaat moet dus nou laat vaar word. Daar is wel 'n groeiproses in die opneem van verantwoordelikheid;
- persone hulle geloof bely (en dus hulle doop vier) élke keer wanneer hulle nagmaal vier saam met die geloofsgemeenskap en ook elke keer wanneer hulle roetemerkers by deurgange oprig;
- By elke roetemerker verbind ons ons aan die geloofsfamilie en God se roeping aan ons om ons geloof as dissipels van Jesus in die Koninkryk uit te leef;
- Die terme “belydenis van geloof”, “belydenisaflegging”, “dooplidmaat” en “belydende lidmaat” verval;

- ❖ “Belydenis van geloof” gee nie meer toegang tot die ampte of die reg om jou kinders te doop nie. Dit is nie meer 'n “hekkie” waardeur sekere voorregte in die kerk verdien word nie, en ook nie 'n “eindstreep” vir kategese nie, maar 'n geleentheid om tydens die lewensdeurgang na jong volwassenheid, jou geloof en verbintenis te bevestig en te vier.

5.4.6 WAAR BEGIN ONS?

Begin deur een of meer van die volgende stelselmatig in te faseer:

1. Ondersteun ouers en voogde om kinders te begelei rondom die viering van die nagmaal.
2. Begin 'n nuwe taal en kultuur vestig in die gemeente rondom die inhoud van roetemerkers, geloofsvorming en 'n lewenslange pad van dissipelskap.
3. Rus ouers en kategete toe om te gesels oor roetemerkers tuis en in die kategese byeenkoms.
4. Begin om die Roetemerker vir Tieners te vier (12/13 jaar) en betrek ouers daarby.
5. Rig Belydenis van Geloof in as die Roetemerker vir Jong Volwassenes (17/18 jaar) met 'n nuwe inhoud en aanslag. Dit is nie nodig om weg te doen met die belydenisjaar of die BVG geleentheid nie. Hernoem gerus hierdie jaar 'n verbintenisjaar waartydens 'n Roetemerker vir Jong Volwassenes gevier kan word. Sien dit eerder as 'n geleentheid om die ou tradisie nuwe inhoud te gee, dit sinvol te verhelder en die viering daarvan te verryk.
6. Begin ander lewensdeurgange wat in die gemeente-konteks belangrik is, te identifiseer en te vier as roetemerkers, sommige in die erediens en ander tuis. Verryk en benut ook liturgieë.

Dink ook aan maniere waarop roetemerkers gebruik kan word om verskillende ouderdom mense bymekaar te bring om mekaar se geloof te vorm.

5.4.7 VERDERE BRONNE OM TE RAADPLEEG:

- Die Algemene Sinode 2023 verslag oor Roetemerkers – dit het ook liturgiese voorstelle in vir die Roetemerker vir Tieners, sowel as die Roetemerker vir Jong Volwassenes.

- Die amptelike 2023 besluit: https://kerkbode.christians.co.za/2023/10/23/besluit-roetemerkers/ - Die AS PowerPoint oor Roetemerkers: https://dinkjeug.co.za/wp-content/uploads/2023/05/Roetemerkers-AS-2023.pdf
- 'n Onderhoud met Tienie Bosman, die sameroeper van die Taakspan vir Roetemerkers: https://www.youtube.com/watch?v=wWvpPC-MFiE
- 'n Podcast deur Anandie Greyling: https://dinkjeug.co.za/dinkjeug-podcast-roetemerkers/ 'n Artikel deur Anriëtte de Ridder: https://kerkbode.christians.co.za/2018/08/06/belydenis-van-geloof-is-n-roetemerker/
- Die boek "Ongekaart" deur Cas Wepener, Anandie Greyling, e.a. https://eshop.bybelmedia.org.za/product/ongekaart/
- Die boek "Roetemerkers" deur Anandie Greyling en Wynand van Niekerk https://eshop.bybelmedia.org.za/product/roetemerkers/

Taakspanlede: Fred Wilson, Anandie Greyling, Dif Ehlers, Antoinette Wilson en Tinarie Brown

6 FONDSEDIENSGROEP

6.1 FINANSIËLE STATE 2024 BOEKJAAR

Hier volg 'n uittreksel uit die finansiële state van die Oostelike Sinode soos voorberei deur MVB Ouditeure en Adviseurs, en geteken deur die voorsitter van die Sinodale Diensraad op 15 Augustus 2024.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
OP 28 FEBRUARIE 2024

	Aant.	2024 R	2023 R
BATES			
Nie-bedryfsbates		1,754,178	1,794,178
Vaste bates	2	1,794,177	1,794,177
Meubels en toerusting		1	1
Bedryfsbates		38,457,548	37,219,202
Beleggings	3	32,420,918	32,423,487
Kontant en deposito's	4	5,709,222	2,807,162
Debiteure	5	327,408	1,988,553
Totale bates		40,251,726	39,013,380
EKWITEIT EN LASTE			
Eie Fondse		38,111,903	36,880,739
Kapitaalfonds- Eiendomme	6	3,500,000	3,500,000
Mediese Hulpverlening Administrasiefonds	7	8,483,891	8,867,521
Toerustingvervangingsfonds	8		-
Gebouw Instandhoudingsfonds	9	-	-
Reserwefonds	10	10,198,149	9,148,206
Bufferfonds	11	1,223,775	1,087,010
Rampfonds	12	-	-
Ondersteuningsfonds	13	14,709,089	14,278,002
Ander fondse		909,332	835,041
Gesamentlike Kommissie Evangeliseste Frankryk	14	192,329	177,590
Laersdrif (Nederseningsfonds)	15	446,668	412,761
Emmerentie Geldenhuys Sendingstudiefonds	16	184,682	170,528
Zimbabwe Hulpverlening Medies	17	80,141	74,141
Mosambiek Gesamentlik(Tvl)	18	5,511	-
Bedryfslaste		1,227,491	1,297,600
Voorsienings	19	1,090,526	885,963
Kreditoure	20	136,965	411,637
Totale ekwiteit en laste		40,251,726	39,013,380

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
SOOS OP 28 FEBRUARIE 2024

	Aant.	2024	2023
INKOMSTE			
Sinodale bydraes	21	3,858,861	7,876,353
Beleggingsinkomste	28	2,497,663	1,929,252
		6,356,524	**9,805,604**
UITGAWES			
Gesamentlike Werksaamhede	22	(1,997,552)	(1,861,483)
Ondernemings uit die verlede	23	(32,576)	(30,732)
Vennote	24	(2,530,337)	(2,433,017)
Projekte ter wille van Gemeentes	25	(754,396)	(504,845)
Funksionering van Sinodehuis	26	(3,067,699)	(3,125,904)
Sinodale bedryfsfunksies	27	(520,382)	(346,225)
Skenkings en ondersteuning		(10,231)	(28,951)
Rente betaal	29	(63,149)	(53,157)
Algemene Sinodesitting	30	(255,258)	-
Toedeling na ondersteuningsfonds	13	-	(1,000,000)
		(9,231,580)	**(9,384,314)**
NETTO (TEKORT)/OORSKOT		**(2,875,056)**	**421,291**

6.1.1 Bedryfsbates en Fondse

Bedryfsbates bestaan hoofsaaklik uit beleggings, wat verdeel is tussen Vrye Reserwes (R23,937,870) en Langtermyn Verpligtinge (R8,483,048). Die belegging genaamd Langtermyn Verpligtinge word gebruik om die mediese subsidie aan 'n ingekampte groep pensioenarisse enduit te betaal, soos ooreengekom. R14,709,089 van die Vrye Reserwes is geoormerk om gemeentes oor 'n lang termyn by te staan en te ondersteun. Die Kapitaal, Reserwe- en Bufferfondse maak die restant van die Vrye Reserwes op, en word toegepas ingevolge Sinodale beleid, wat die volgende bepaal:

1. Reserwefonds: die saldo van die fonds word jaarliks aangesuiwer tot 'n bedrag gelykstaande aan die nuwe finansiële jaar se begrote toekennings.

2. Bufferfonds: die saldo van die fonds word beperkt tot 12% van die Reserwefonds. Die bedrag groter as 12% word oorgedra na die Ondersteuningsfonds, of indien minder verhaal van die Ondersteuningsfonds.
3. Kapitaalfonds: Verteenwoordig die gewaardeerde waarde van die Sinode se vaste bates.



6.1.2 Inkomste

Die Sinode het net twee inkomstebronne: Bydraes tot Gesamentlike Bedieninge (BGB) en Beleggingsinkomste. Inkomste uit BGB van R6,791,100 was geërodeer deur die voorsiening vir twyfelagtige skulde (R2,549,293), wat op aandrang van ons ouditeur gedoen is om te voldoen aan aanvaarbare rekeningkundige praktyke.

Die erosie van die voorsiening vir twyfelagtige skulde op inkomste word in die onderstaande grafiek weergegee.



Inkomste uit Beleggings van R2,497,663 het die Sinode gehelp om sy verpligtinge gedurende die finansiële jaar na te kom.

6.1.3 Aanwending

Inkomste word spandeer volgens die toedelings wat geïdentifiseer word tydens die opstel van die begroting, binne die raamwerk vasgestel met die vorige Sinodesitting. Die hoofkategorieë van aanwending word skematies so voorgestel:



Gesamentlike werk sluit in die toekennings aan die Algemene Sinode, teologiese opleiding, ons rakspasie by die Kaapse argief, Swaziland en VGKSA.

Ons enigste vennoot tans is die CMR. Funksionering is die kostes vir die ondersteuning en kundigheid wat die Sinodehuis bied, en Bedryfsfunksies is hoofsaaklik kostes van die SDR, vergaderings en verteenwoordigers.

6.2 BEGROTING 2025

Taakspanne se onderskeie begrotings word deur die spanne beplan en aan die SDR voorgelê vir goedkeuring, waarna dit as 'n geheel in die begroting vervat word. Ander oorwegings is historiese tendense, nuwe fokuspunte en instandhouding van historiese ooreenkomste.

Ons het vir 'n verminderde bydrae aan die Algemene Sinode begroot om die effek van Bydraes tot Gesamentlike wat weerhou word teen te werk.

Die Sinodale Diensraad het as volg begroot vir die huidige finansiële jaar:

OOSTELIKE SINODE BEGROTING EN TOEKENNINGS	Begroting 2024/2025	% van totaal
Inkomste	**10 203 137**	100.0%
Sinodale Bydraes/BGB	5 510 847	54.0%
Rente en Dividende ontvang	1 292 290	12.7%
Onttrekking uit Beleggings	3 400 000	33.3%
Gesamentlike werksaamhede	**1 524 217**	14.9%
Algemene Sinode	347 679	3.4%
Teologiese opleiding	986 336	9.7%
Argief	124 987	1.2%
Mosambiek Pensioen en Admin	65 215	0.6%
Ekumene	**137 241**	1.3%
Hulp VGKSA	34 531	0.3%
Mosambiek IRM	102 710	1.0%
Vennote	**2 606 247**	25.6%
CMR	2 606 247	25.6%
Taakspanne/Projekte	**659 000**	6.5%
Sinodehuis	**4 286 661**	42.0%
Personeel kostes	3 629 324	35.6%
Administrasie	605 530	5.9%
Eiendomme	51 807	0.5%
Sinode Funksionering	**984 784**	9.7%
SDR Funksionering	283 584	2.8%
Diensgroepe Vergaderkoste	154 200	1.5%
Verteenwoordigers	47 000	0.5%
Sinodesittings	500 000	4.9%
Totale Verpligtinge	**R 10 198 149**	100.0%
Surplus/Tekort	**R 4 988**	

Die Sinodehuis se Personeel kostes is aansienlik meer as die vorige jaar se werklike aanwending vanweë die begroting vir 'n nuwe Uitvoerende Amptenaar, wat vir 'n tyd saam met Francois Retief sal werk.

6.3 HALF-JAAR PRESTASIE 2025 BOEKJAAR

	Werklik JTD 2025	Begroting JTD 2025	Verskil
Inkomste	**4 367 197**	**5 101 569**	**-734 372**
Sinodale Bydraes/BGB	2 818 303	2 755 424	62 880
Rente en Dividende ontvang	1 248 894	646 145	602 749
Onttrekking uit Beleggings	300 000	1 700 000	-1 400 000
Gesamentlike werksaamhede	**799 484**	**762 109**	**-37 376**
Algemene Sinode	211 528	173 840	-37 689
Teologiese opleiding	493 166	493 168	2
Argief	62 491	62 494	3
Mosambiek Pensioen en Admin	32 299	32 608	309
Ekumene	**24 263**	**68 621**	**44 358**
Hulp VGKSA	17 263	17 266	3
Mosambiek IRM	7 000	51 355	44 355
Vennote	**1 303 119**	**1 303 124**	**5**
CMR	1 303 119	1 303 124	5
Taakspanne/Projekte	**119 664**	**329 500**	**209 836**
Sinodehuis	**1 660 902**	**2 143 330**	**482 428**
Personeel kostes	1 310 622	1 814 662	504 040
Administrasie	322 547	302 765	-19 782
Eiendomme	27 733	25 904	-1 829
Sinode Funksionering	**339 831**	**492 392**	**152 561**
SDR Funksionering	141 792	141 792	0
Diensgroepe Vergaderkoste	101 015	77 100	-23 915
Verteenwoordigers	3 446	23 500	20 054
Sinodesittings	93 578	250 000	156 422
Totale Verpligtinge	**R 4 247 263**	**R 5 099 074**	**R 851 810**
Surplus/Tekort	**R 119 934**	**R 2 495**	**R 117 438**

Die rente en dividend inkomste was meer as begroot omdat die Sinode R4,5 miljoen van Witbank-Vallei ontvang en in 'n Geldmark rekening by Absa belê het. Uitgawes/aanwendings is onder begroting en het nie 'n verdere onttrekking uit beleggings genoodsaak nie.

6.4 BESKRYWINGSPUNT RING VAN LYTTELTON

BESKRYWINGSPUNT

Datum 20240703

Die Skriba
Oostelike Sinode

INSAKE: FONDSE

1. Die Sinode besluit om alle gemeentes wat 'n jaarlikse totale lopende inkomste van R2 miljoen Rand en minder vertoon, vry te stel van Sinodale bydrae.

2. Die Sinode versoek die Sinodale diensraad om ondersoek te doen na die praktyk van kwytskelding van sinodale heffing op spesiale projekte waarvoor aansoek gedoen word, om vas te stel of die praktyk nie gemeentes met minder fondse tot hulle beskikking, benadeel nie.

3. Die Sinode besluit dat alle uitstaande sinodale bydraes jaarliks afgeskryf sal word.

4. Die Sinode versoek die Sinodale diensraad om alles in sy vermoë te doen om sy struktuur en werksaamhede so aan pas dat dit “minder permanensie” sal vertoon soos vervat in die prinsipiële vertrekpunt van die Sinode se familiereëls. Dit is ook van toepassing op die Algemene Sinode en die Sinode versoek die Sinodale diensraad om op elke forum hierdie vertrekpunt te huldig sodat finansiële druk op gemeentes verlig sal word.

5. Die Sinode besluit om sy begroting met balansstate aan die Sinode in sitting voor te lê vir goedkeuring.

Bepaling/Sinodebesluit waarna verwys word:
Kyk Besluite en Toeligting A2 punt 2.4 (Famieliereëls 2020 Oostelike Sinode)
Bep. 33; 36.2.1; Prinsipiële Besinning p46,47,48,49 en Kommentaar p en Artikel 32 en 57

MOTIVERING:

1. Die Ring van Lyttelton wil die Sinodale diensraad wys op die funksionele besluit A2 (soos vervat in die Famieliereëls 2020 van die Oostelike Sinode) dat soveel fondse moontlik by gemeentes beskikbaar moet wees om hulle taak plaaslik te kan uitvoer. Daarom word gepraat van gesonde gemeentes. Die Ring van Lyttelton het tans drie gemeentes wat finansieël nie in staat is om 'n voltydse predikantspos te kan dra nie, daar bestaan egter steeds die behoefte aan bediening. Die Ring beskou die praktyk as liefdeloos en versoek die Sinode om sy besluite dienooreenkomstig te wysig.

2. Hierdie werkswyse is eintlik maar 'n omseiling van Sinodale heffing. Alle gelde kom uit die gemeente/gemeenskap en is vir Koninkrykswerk. Indien die heffing op die totale inkomste

(projekte ingesluit) bereken word sal die persentasie vir Sinodale heffing drasties verminder tot seën van gemeentes met minder fondse tot hulle beskiking. Hierdie gemeente se uitgawes draai normaalweg om vaste verpligtinge waartoe hulle verbind is. Hierdie punt is ses jaar gelede deur een van ons ringsgemeentes reeds gemaak en die ring betreur die wyse waarop hierdie saak aan die Sinode voorgehou is. Die uitvoerende amptenaar wat toe die voorsitter van die Fondsediensgroep was (ons beskou dit as 'n konflik van belange) het die Sinode mislei deur te sê dat die uitgangspunt nog nie getoets is nie. Hierdie som kan sonder 'n sakrekenaar gemaak word - daar het nou 6 jaar verloop en 'n besluit is verskuldig.

3. Om gemeentes wat onder finansiële druk te verkeer, boonop van 'n rekening en uitstaande bydraes te bedien, is besig om gemeentes moed te laat verloor. Ouer gemeentes moet buitendien al meer geld aan die instandhouding van geboue spandeer.

4. Dit is vir almal duidelik dat die Ned. Geref. Kerk besig is om te verklein, terwyl die risiko vir die kerk op plaaslike vlak lê. Gemeentes moet as gevolg van die huidige ekonomiese klimaat begrotings tot op die been besnoei. Dit sou net logies wees dat die strukture wat minder permanensie behoort te vertoon (Sinode en Algemene Sinode) ook moet begin om drastiese finansiële inkorting toe te pas.

5. Die gemeentes/kerke konstitueer as vergadering, dit is die gemeentes se begroting, elke NWO of NWM se lede keur jaarliks die begroting goed. In die kerk se geval moet die gemeentes dit streng gesproke goedkeur en nie die SDR nie. Die praktyk kan ten minste vir groter deursigtigheid geskied in die jaar wat die Sinode in sitting is. Dit is ook nodig om te sien hoeveel geld die Sinode op belegging het, dit is nodig dat die Sinode tot groter onafhanklikheid gebring moet word. Hierdie beskrywingspunte moet gelees word binne konteks van die Sinode se eie finansiële stand van sake.

. . . . . .
Handtekening Hoedanigheid
Voorsitter Ringsdiensraad
Ring van Lyttelton

6.5 FONDSEDIENSGROEP REAKSIE

Die Fondsediensgroep het gesprek gevoer met die indieners van die beskrywingspunt om toeligting te ontvang oor die inhoud daarvan.

Die Fondsediensgroep lewer verslag oor die beskrywingspunt aan die hand van punte 1 – 5:

Punt een: *"Die Sinode besluit om alle gemeentes wat 'n jaarlikse totale lopende inkomste van R2 miljoen Rand en minder vertoon, vry te stel van Sinodale bydrae."*

Die beskrywingspunt gee nie 'n verduideliking van hoe die syfer van R2 000 000 bereken is nie.

Die beleid van Oostelike Sinode – soos goedgekeur by 2022 se Sinodesitting – maak voorsiening daarvoor dat 'n gemeente se sinodale verantwoordelikheid bereken word aan die hand van die huidige jaar se werklike inkomste.

Gemeentes met 'n kleiner inkomste dra by in ooreenstemming met hulle vermoë – net soos wat groter gemeentes ook doen. Gemeentes met 'n inkomste minder as R1.740 miljoen ontvang ook 'n verdere 25% vermindering op hulle bydrae tot die Sinode se bediening.

Die finansiële beleid van die Oostelike Sinode toon reeds 'n groot sensitiwiteit vir die finansiële posisie van kleiner gemeentes.

Aanbeveling: Die Fondsediensgroep beveel aan dat punt een van die beskrywingspunt nie deur die Sinode goedgekeur word nie.

Punt twee: *"Die Sinode versoek die Sinodale diensraad om ondersoek te doen na die praktyk van kwytskelding van sinodale heffing op spesiale projekte waarvoor aansoek gedoen word, om vas te stel of die praktyk nie gemeentes met minder fondse tot hulle beskikking, benadeel nie."*

Die beskrywingspunt werk met 'n ou model wat deur die finansiële beleid van 2022 vervang is. Die indieners het dit tydens die gesprek so aanvaar.

Aanbeveling: Die Fondsediensgroep beveel aan dat van punt twee van die beskrywingspunt kennis geneem word.

Punt drie: *"Die Sinode besluit dat alle uitstaande sinodale bydraes jaarliks afgeskryf sal word."*

Die beskrywingspunt vra vir iets wat die Oostelike Sinode finansieel sal verlam. Geen instansie kan so funksioneer nie – ook nie die kerk nie.

Daar is gevalle waar 'n gemeente weens finansiële redes agter geraak het met gesamentlike bydraes, maar steeds in goeie gesindheid hulle bydrae wil lewer. Hierdie gemeentes tree in gesprek met die Fondsediensgroep wat 'n ooreenkoms maak wat ook kan insluit die afskryf van agterstallige skuld of 'n gedeelte daarvan. Dit hang af van die gemeente se situasie. Dit geld egter nie vir gemeentes wat weens dolering ophou om gesamentlike bydraes te betaal nie. Die Bepaling oor dolering bepaal duidelik dat dolering nie gepaardgaan met die terughou van gesamentlike fondse nie. (Familiereëls 2022 Bepaling 37)

Aanbeveling: Die Fondsediensgroep beveel aan dat punt drie van die beskrywingspunt nie deur die Sinode goedgekeur word nie.

Punt 4: *"Die Sinode versoek die Sinodale diensraad om alles in sy vermoë te doen om sy struktuur en werksaamhede so aan pas dat dit "minder permanensie" sal vertoon soos vervat in die prinsipiële vertrekpunt van die Sinode se familiereëls. Dit is ook van toepassing op die Algemene Sinode en die Sinode versoek die Sinodale Diensraad om op elke forum hierdie vertrekpunt te huldig sodat finansiële druk op gemeentes verlig sal word."*

Die beskrywingspunt se motivering dui tereg aan dat alle kerklike strukture onder finansiële druk verkeer. Dit geld ook die Oostelike Sinode. Die Sinode se inkomste is 'n direkte weerspieëling van die gemeentes se inkomste. Die model wat gevolg word vir die berekening van bydraes van die gemeentes verseker dat dit so is. (Oor die Algemene Sinode gaan die Fondsediensgroep nie hier kommentaar lewer nie. Die Sinodale Diensraad het reeds by die Algemene Sinode Moderamen insette hieroor gelewer.)

Die beskrywingspunt se verwysing na "minder permanensie" is problematies. Die belangrikheid van permanensie moet gemeet word teen die rol wat die Oostelike Sinode speel in die funksionering van gemeentes. Die Sinode se struktuur is klein in terme van personeel en geboue. Elke personeellid lewer 'n diens aan gemeentes. (Die verslag van Gemeente-ondersteuning wat later dien, wys onder andere die rol wat die Sinode speel in die toerusting van gemeentes se personeel.) Om dit te kan doen, is daar 'n stuk permanensie nodig. Permanensie is ook nodig waar dit gaan oor ons ondersteuning aan die werksaamhede van die CMR. Ons het 'n langtermyn verantwoordelikheid teenoor ons missionale vennoot wat dienste lewer waartoe gemeentes nie in staat is nie. Dit kan nie maar net op 'n ad hoc-basis gebeur nie. Dieselfde geld ons bydrae aan die opleiding van leraars. Verder funksioneer taakspanne van die Sinodale Diensraad op 'n hoë vlak wat administratiewe ondersteuning, bemarking, toerusting en personeel benodig. Die uitkomste van taakspanne is produkte en dienste wat tot voordeel van gemeentes, leraars en personeel is. Die gemeentes word deur personeel verteenwoordig by strukture soos die Pensioenfonds, die mediese fonds en taakspanne van die Algemene Sinode. Dit gee inspraak en kundigheid wat weer tot voordeel van gemeentes is.

Die beskrywingspunt maak geen voorstel oor hoe die Sinode hierdie rolle sal kan vervul met minder struktuur en permanensie nie.

Aanbeveling: Die Fondsediensgroep beveel aan dat kennis geneem word van punt vier van die beskrywingspunt.

Punt 5: *"Die Sinode besluit om sy begroting met balansstate aan die Sinode in sitting voor te lê vir goedkeuring."*

Dit is reeds die werkswyse van die Fondsediensgroep om verslag aan die Sinode te doen. Die finansiële state word elke jaar deur die Sinodale Diensraad goedgekeur. Die Sinode sit slegs elke tweede jaar en daarom is dit onmoontlik vir die volle Sinode in sitting om elke jaar die state goed te keur. Dit word dus die werk van die gevolmagtigde van die Sinode, wat die Sinodale Diensraad is.

Aanbeveling: Die Fondsediensgroep beveel aan dat van punt vyf van die beskrywingspunt kennis geneem word.

7 TAAKSPAN: MISSIONALE KERKWEES

7.1 INLEIDING

7.1.1 Visie van die Taakspan is soos volg

Die doel van die Missionale Taakspan is om gemeentes te inspireer om onder leiding van die Heilige Gees passievol deel te neem aan die Drie-enige God se opwindende liefdesbeweging na die hele skepping (missio trinitatis Dei – sending van die Drie-enige God). As 'n liefdevolle geloofsfamilie bestaan en leef ons vanuit die Drie-enige God as Bron van oorvloedige lewe.

As geloofsfamilie in die Oostelike Sinode wil ons Koning Jesus (Jesus as die Here) met toewyding en oorgawe voluit volg. Ons wil deur die Heilige Gees gevorm word op hierdie reis en ander saam nooi op hierdie avontuur. Ons wil die vars nuwe lewe en volheid wat ons in Christus ontvang, met vreugde uitleef en deel in ons gemeenskappe wat soveel gebrokenheid ervaar en behoefte daaraan het. Ons wil in navolging van Jesus ons Koning met veerkragtigheid en 'n diensbare gesindheid, oor grense heen waag om impak te maak deur God se liefde prakties en relevant in die gemeenskap op verskillende gestaltes en maniere uit te leef.

Daarom wil ons vanuit die Drie-enige God as Bron tekens van hoop en heling wees in ons gemeenskappe in die Naam van die Here Jesus en deur die leiding en krag van die Heilige Gees. Ons wil deur God se genade saam met ons Sinode se vorige slagspreuk sê: “Here, hier is ons. Stuur ons!” Ons wil ook met ons huidige slagspreuk “Biddend saam op pad” wees want ons weet ons is bevoorreg om aan te sluit by God se werk en medewerkers van die lewende God te wees!

7.1.2 Geïntegreerde missionale benadering teenoor silo-benadering

Die taakspan dink en werk vanuit 'n geïntegreerde missionale benadering wat die werksaamhede wil belyn met die missionale roeping wat die Here vir ons gegee het. Ons wil 'n silo-benadering teenwerk en korrigeer en al hoe meer die werksaamhede van die taakspan integreer en koördineer sodat ons in ons denke, strategieë en werksaamhede meer geïntegreerd dink en werk. Sodoende kan duplisering vermy word, en kan sinergie verkry word wat missionale kapasiteit aansienlik verhoog en optimaliseer. Hierdie denke en werksaamhede van belyning, integrasie en koördinering is 'n skuif weg van silo’s en fragmentering na integrasie en samewerking (koördinering/netwerkvorming). Hierdie is 'n belangrike skuif in missionale leiers se benadering op alle vlakke van strategiese denke, beplanning en funksionering in die bediening.

7.2 SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Die huidige samestelling van die taakspan is soos volg: Frikkie Coetzee (sameroeper), Willem Esterhuizen, Willem Badenhorst, Nico Swart, Johan Koen (snr), Johan Koen (jnr), Eliska Muller, Ryno Meyer.

7.3 DOELWITTE OM UITVOERING TE GEE AAN BOGENOEMDE VISIE

Die doelwitte wat die missionale taakspan het om bogenoemde visie uit te voer is soos volg:

7.3.1 Evangelisasie

Ons wil geloofsgemeenskappe saam en individueel inspireer om as missionaal-evangeliserende gemeentes die Goeie Nuus van die Koninkryk met inspirasie en vreugde op vars en nuwe wyse te beliggaam, prakties uit te leef en te deel soos geleenthede voorkom. Evangelisasie is die hartklop van missionale gemeentes. Gemeentes wat erns maak met evangelisasie behoort dit vanuit missionaliteit (gestuurdheid) te doen en gemeentes wat erns maak met missionaliteit behoort erns te maak met evangelisasie.

7.3.2 Missionale Dissipelskap

Ons wil geloofsgemeenskappe begelei om in 'n gejaagde en gefragmenteerde samelewing 'n missionale kultuur te kweek deur geïntegreerd te leef met ritmes, gewoontes en praktyke in pas met die lewende Drie-enige God. So wil ons God se liefde geloofwaardig beliggaam en Jesus ons Here volg in alle fasette van ons gewone lewe. Ons wil geloofwaardige koninkrykslewens leef met ritmes terwyl ons God se teenwoordigheid al hoe meer ontdek en vier; waar ons leer hoe om in die geloof te onderskei; al hoe meer waag en eksperimenteer oor grense heen in ons gemeenskappe; leef met helderheid en fokus, en saam as geloofsgemeenskappe inoefen om belyn te wees met God se roeping.

7.3.3 Nuwe geloofsgemeenskappe (Kerkplanting)

In ons gemeenskappe is daar mense wat weens verskeie redes moeilik sal inskakel by bestaande gemeentes. Hierdie werklikheid behoort nooit 'n verskoning te wees vir gemeentes om oop, vriendelik en gasvry te wees en mense in te nooi nie. Die Heilige Gees lei ons om in 'n diverse konteks en gemeenskap oor grense heen mense te bereik. Dit kan lei tot vars en nuwe uitdrukkings van die Gees se werk in die vorm van nuwe geloofsgemeenskappe. Verskeie gemeentes is landswyd en in die Oostelike Sinode reeds met sulke projekte besig of daarby betrokke. Ons wil mekaar hiermee help en saam op reis wees met hierdie avontuur.

7.3.4 Missionale Diakonaat

Die nood in ons land en gemeenskappe is geweldig groot. Ons word daagliks met hierdie werklikheid gekonfronteer - armoede, werkloosheid, geweld, misdaad, korrupsie, onreg, basiese dienste wat ontbreek of in duie stort. Geen enkele organisasie of groep mense kan dit voldoende aanspreek en verligting bring nie. Verskeie rampe vind ook plaas soos opstande, vloede en brande. Verskeie gemeentes is reeds op plaaslike vlak saam met ander netwerke hierby betrokke. Deur hande te vat, mekaar te help en met verskeie netwerke saam te werk, kan ons as kerk en samelewing 'n nog groter impak maak en meer effektief reageer en diens lewer wanneer rampe voor kom.

7.3.5 Getuienis oor Grense

Ons wil ons roeping en getuienis oor grense heen, veral ook landsgrense, koördineer sodat ons groter samewerking en sinergie kan verkry. Ons is geroep en gestuur om naby en ver ons diensgetuienis uit te leef. Deur skakeling en samewerking tussen gemeentes kan ons dit meer effektief doen asook kostes bespaar en meer gemeentes help om betrokke te raak.

7.4 WAT IS GEDOEN, WAT WORD BEPLAN EN HOE MENSE BETROKKE KAN RAAK

7.4.1 Evangelisasie

'n Werksgroep is in die lewe gebring wat bestaan uit Frikkie Coetzee, Nico Swart, Willem Badenhorst, Johan Koen (jnr), en Willem Esterhuizen.

'n Evangelisasie Konferensie waaraan gewerk is, het nie gerealiseer nie. Daarna is begin met 'n reeks gesprekke oor evangelisasie met die tema: ***Vars nuus wat inspireer.*** Die volgende gesprekke het reeds plaasgevind:

1. **Wat het gebeur met die E-woord?** (Kontekstuele skuiwe en evangelisasie in NG kerk)
2. **Is evangelisasie hoegenaamd nog nodig?** (Motivering vir evangelisasie)
3. **Vars en nuwe volgelinge!** (Die verhouding tussen Evangelisasie en Dissipelskap)
4. **Gemeentes wat inspireer** (Evangeliserende gemeentes wat mense inspireer)
5. **Hoe skep ons 'n evangelisasie-kultuur in gemeente** (Evangelisasie-kultuur in gemeentes)

Die gesprekstemas lei tot insiggewende gesprekke en insette. Ons vertrou dat dit mense inspireer en toerus om te werk aan missionaal-evangeliserende gemeentes wat met die roeping leef om die Goeie Nuus te wees, te leef en te deel in die gemeenskap. Die gesprekke word in die Familienuus geadverteer en vind per zoom plaas.

Die volgende temas gaan nog hanteer word:

1. **Die Beste Nuus ooit!?** (Wat is die Goeie Nuus)
2. **Gesprek met die Here oor mense?** (Gebed en evangelisasie)
3. **'n Nuwe benadering vir ons tyd!** (Hoe doen ons evangelisasie in ons tyd?)
4. **Die ‘’slipstream” van die Gees!** (Die rol van die Heilige Gees in evangelisasie)

Goeie skakeling vind plaas met die **Evangelisasie Taakspan van die Algemene Sinode**. Hierdie Taakspan kry 'n geleentheid om 'n reeks lesings oor **evangelisasie** aan die studente in Kerklike Opleiding aan te bied. Die taakspan werk aan praktiese riglyne vir gemeentes asook praktyke vir IN PAS oor evangelisasie. Frikkie Coetzee is aangewys as voorsitter van die Taakspan. 'n Boek oor evangelisasie met die titel, Evangelism: *Perspectives from an African context*, onder redaksie van Prof Hannes Knoetze het verskyn na aanleiding van verlede jaar se konferensie oor evangelisasie by UP. Hierdie taakspan bestaan tans uit die volgende lede: prof Hannes Knoetze, dr Lourens Bosman, dr Roedolf Botha, dr Hein Wiegand, dr Nioma Venter, dr Frikkie Coetzee, en prof Malan Nel. Twee lede is van die Oostelike Sinode. Die Taakspan word uitgebrei om meer streeksinodes te betrek en het opdrag om aansluitend by bogenoemde sake, ook aan die volgende te werk: praktiese riglyne vir gemeentes, riglyne vir gesprekke met mense van ander godsdienstige oortuigings, en meer samewerking en integrering met missionale diakonaat, sosiale geregtigheid en ekologie.

Mense wat betrokke wil raak, kan inskakel by die evangelisasie gesprekke en/of kan die sameroeper van die Taakspan, Frikkie Coetzee, kontak.

7.4.2 Missionale Dissipelskap

Die span wat hieraan aandag gee, is Johan Koen (jnr) (sinodale verteenwoordiger/sameroeper), Eliska Muller, Christiaan Oberholzer, Anru Liebenberg, Nico Swart en Frikkie Coetzee.

Bogenoemde span het verskeie gesprekke gevoer en het gefokus daarop om opleiding in missionale dissipelskap aan te bied. Die span is baie opgewonde oor die IN PAS-opleiding wat vir die Oostelike Sinode aangebied is op 22 – 23 Mei by Lux Mundi. Die opleiding is so bekostigbaar moontlik gemaak om predikante en gemeenteleiers dit te laat bywoon. Ongeveer 35 mense het

die opleiding bygewoon wat deur die IN PAS-span onder leiding van dr Tom Smith aangebied is. Dit is baie geseënd en positief beleef. 'n Baie treffende en praktiese handleiding is beskikbaar met 5 ritmes, 15 gewoontes en 45 praktyke.

Die werksgroep beplan om die Sinode in streke te verdeel en gemeentes te inspireer en begelei om leer- en oefengemeenskappe te vorm en saam op reis te gaan om mekaar te help om in pas met die lewende God te leef. Tans is daar reeds verskeie gemeentes wat op hierdie reis wil gaan. Dr Tom Smith is genooi om by die Sinodesitting te praat en sal 'n spreekbeurt kry. Gemeenteleiers word uitgenooi om in te skakel by hierdie mooi inisiatief wat tot groot seën vir die Sinode en gemeentes kan wees. Geleentheid sal gegee word vir mense om aan te meld en meer inligting hieroor te kry. Indien die behoefte daar is, sal 'n volgende opleidingsgeleentheid geskep word.

7.4.3 Nuwe geloofsgemeenskappe

Hierdie inisiatief van die Sinode is in die kinderskoene. Ryno Meyer is genader om leiding te neem. 'n Werksgroep is in proses om saamgestel te word om hierdie saak te koördineer en verder te vat.

Mense wat by hierdie inisiatief wil inskakel en saam wil gesels en droom oor die toekoms kan vir Ryno Meyer van Pierre van Ryneveldt kontak. Reëlings sal getref word hoe mense hierby kan aanmeld. Hierdie saak het baie potensiaal en moontlikhede vir die toekoms en vir die missionale konteks waarin ons leef en bedien!

7.4.4 Missionale Diakonaat

Einde Augustus is 'n diakonale konferensie by die Universiteit van Pretoria aangebied deur die Departement Praktiese Teologie en Missionale Studies met die tema: *Diaconal / Diaconate identities in a pluralistic Africa society: Ecumenical and inter-religious opportunities and challenge*. Baie goeie insette en referate is gelewer. Verskeie kundigdes nasionaal en internasionaal het dit bygewoon en opgetree. Verskeie aanbieders was ook van die NG Kerk. Die Oostelike Sinode was ook verteenwoordig.

Tans word daar gesoek na mense wat leiding kan neem rondom die krities belangrike saak van missionale diakonaat (gestuurde dienswerk) in ons gemeenskappe en Sinode. Op Algemene Sinode vlak is mooi dinge aan die gebeur veral ook met betrekking tot rampe en die vorming van 'n rampnetwerk.

Mense word uitgenooi om hierby betrokke te raak en kan Frikkie Coetzee kontak of aanmeld by die Sinodehuis en hulle kontakbesonderhede deurgee vir verdere aksie.

7.4.5 Getuienis oor grense heen

Verskeie gemeentes is buite ons land se grense betrokke in byvoorbeeld Mosambiek. Daar bestaan 'n netwerk waar Nico Swart die leiding neem. Verskeie ander gemeentes is in ander lande betrokke.

Kontak vir Nico Swart indien julle verder oor hierdie saak wil praat, insette lewer en wil saamwerk.

7.5 SLOT

Mag ons as gemeentes en Sinode voortdurend vanuit die Bron/Fontein van oorvloedige lewe geïnspireer en meegevoer word en heelhartig deelneem aan God se stroom van lewende water wat vloei na die hele skepping. Mag ons gemeentes soos fonteine wees waaruit lewende water opborrel en vars nuwe lewe en genesing gee aan ons gemeenskappe!

The mission of the church is embedded and flows from God's mission. God's mission involves abundant life. The church, being called to participate in God's mission, and embedded in the inner life of the life-giving Trinity, is "commissioned to celebrate life, and to resist and transform all life-destroying forces".

(Keum 2013, 4; cf. Niemandt 2020:18).

"In u huis geniet hulle oorvloed, U laat hulle drink uit die strome van u goedheid. U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons."

Ps 36:9-10

"'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

Joh 10:10

"Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. "

"Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang…"

Joh 7:37 – 39

8 KERKREGDIENSGROEP (KRDG)

8.1 ORDE VAN DIE VERSLAG – AANBEVELING 1

Die Sinode keur die volgende orde vir die behandeling van die Kerkregdiensgroep se verslag goed:

1. Die diensgroep begelei die vergadering met 'n tafelgesprek aan die hand van Kerkregtelike scenarios soos uitgedeel.
2. Die vergadering hanteer die beskrywingspunte en aanbevelings.
3. Die vergadering behandel en keur die wysiging van die Familiereëls soos voorgehou goed.
4. Die vergadering verdeel in ringsverband met die oog op aanwysing van verteenwoordigers om met kerkregtelike aangeleenthede in ringe behulpsaam te wees.

8.2 TAFELGESPREKKE - KERKREGTELIKE SCENARIO'S

8.3 BESKRYWINGSPUNTE

8.3.1 Die beskrywingspunt van die Ring van Lyttelton

BESKRYWINGSPUNT

Datum 03 Julie 2024

Die Skriba
Oostelike Sinode

INSAKE: Toepassing van Artikel 22.2.2 op mindere vergadering

1. Die Sinode besluit dat alvorens Artikel 22.2.2 op 'n ring toegepas word, daar eers 'n ondersoek gedoen sal word waarin die audi altarem partem reël van toepassing sal wees.

2. Die Sinode besluit dat om die Artikel 22.2.2 op 'n mindere vergadering toe te pas die volgende reelings sal geld:
    a. Die mindere vergadering moet belas wees met 'n spesifieke saak met die oog op afhandeling daarvan.
    b. Die onafgehandelde saak moet vatbaar wees vir afhandeling.
    c. Die mindere vergadering moet nie in staat wees om die saak af te handel nie, met ander woorde daar moet 'n onvermoë aan die kant van die mindere vergadering wees om die saak af te handel.

d. die meerdere vergadering moet in staat wees om die saak te hanteer in die afhandeling daarvan.

3. Die Sinode besluit om die toepassing van Artikel 22.2.2 op die Ringsdiensraad van Lyttelton nietig te verklaar en te herroep.

Artikels 18 tot 22 en Reglement 23 punt 2 (Famieliereëls 2016 Oostelike Sinode)

MOTIVERING:

1. Die Ring van Lyttelton is deur 'n kerkraadslid en die prokureur wat die SDR gebruik, by die KVBA gevoeg as respondent in 'n saak van onbillike ontslag tussen die kerkraad en die leraar. Hierdie saak is by die Arbeidshof op die rol geplaas. Die ring het besluit om te medieër terwyl die kerkregkundige van die Sinode van mening was dat die ring nie so 'n besluit kon neem nie. Die saak is suksesvol deur Regter Bertelsmann geskik. Hierdie skikking is nie deur almal aanvaar nie en van die gemeentes het as gevolg van die aangeleentheid besluit om uit die Ring van Lyttelton te tree. Die Ringsdiensraad is uiteindelik die sondebok gemaak en Artikel 22.2.2 is op die Ringsdiensraad toegepas sonder enige gesprek met die Ringsdiensraad oor die rede vir die toepassing en/of die meriete daarvan.

2. Die Ringsdiensraad het alle kerklike weë uitgeput en het uiteindelik al die toepaslike stukke aan Advokaat DE van Loggerenberg SC voorgelê om sy regsmening oor die onderhawige saak te verkry. Hy het bevind dat die besluit oënskynlik nietig is. Hierdie stappe word in sy memorandum vervat, alvorens 'n beslissing gemaak kan word. Dit behoort as Bepalings in die nuwe Familiereëls opgeneem te word.

3. Die afgevaardigdes van die SDR het in die hantering van 'n kerklike geskil duidelik aan die Ringsdiensraad gekommunikeer dat hulle nie die Artikel 22.2.2 se toepassing **kan nietig verklaar nie**, die Ringsdiensraad wil nie die SDR se besluit in 'n hof laat toets nie en versoek dat die Sinode hierdie aangeleentheid sal hanteer op 'n wyse waarop geregtigheid kan seëvier.

4. Die Ring dien hierdie beskrywingspunt in namens die gemeentes van die ring wat lede is van die Oostelike Sinode.

. . . . . .

Handtekening Hoedanigheid
Voorsitter Ringsdiensraad
Ring van Lyttelton

8.3.1.1 Hantering van die beskrywingspunt

1. Die Kerkregdiensgroep (KRDG) het 'n beskrywingspunt van die Ring van Lyttelton vanaf die Skriba van die Sinode ontvang.

2. Die KRDG het die opstellers van die beskrywingspunt op 3 September 2024 ontmoet vir toeligting.
3. Die KRDG het geoordeel dat die beskrywingspunt aan die riglyne vir die opstel van 'n beskrywingspunt volgens Reglement 1 (Reglement van Orde) van die Familiereëls 2021 voldoen.

8.3.1.2 Die KRDG reageer soos volg op die beskrywingspunt:

1. **Punt een en twee** van die beskrywingspunt word na die Algemene Taakspan Regte verwys vir oorweging met die oog op insluiting in 'n volgende Kerkorde.
2. **Punt drie.** As deel van die afhandeling van die suksesvolle mediasieproses het die SDR op 31 Oktober 2023 in die lig van die verbintenis van die Ringsdiensraad soos in die verslag van die fasiliteerder uiteengesit, besluit om die toepassing van Artikel 22.2.2 op te skort. Uit prof Malan Nel se verslag van 28 Augustus 2024 is dit duidelik dat die mediasieproses as suksesvol en afgehandel beskou word. Die leraars van die ring het daarvolgens besluit om gereeld bymekaar te kom, verhoudings te bou en oor relevante sake saam te dink. Na die mediasie aanvaar die SDR en die KRDG dat die verhoudinge sodanig herstel is, dat die gemeentes en RDR binne die gegewe strukture kan voortgaan met die bedieningswerk.

8.3.1.3 Aanbevelings:

1. Die Sinode neem kennis dat punt een en twee van die beskrywingspunt na die ATR verwys is vir oorweging met die oog op 'n toekomstige kerkorde.
2. Die Sinode neem kennis van punt drie van die beskrywingspunt.

8.3.2 Die beskrywingspunt van die NG Gemeente Burgersfort

8.3.2.1 Beskrywingspunt

Sinodale Diensraad
Oostelike Sinode

Datum 12 Augustus 2024
Die Uitvoerende Amptenaar
Oostelike Sinode

OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT: Afstigting van Sinode
FORMULERING:
Die Sinode besluit:
1. Om gemeentes wat daarvoor aansoek doen, toe te laat om as 'n nuwe Sinode af te stig op grond van die onversoenbare Skrifinterpretasies binne die Kerkverband.

2. Om die afhandeling van die afstigting en sake wat daarmee verband hou aan die SDR op te dra om met die ASM te finaliseer.

3. Dat die nuwe Sinode saamgestel word uit gemeentes wat 'n geografiese eenheid vorm (Art 32.1) sowel as gemeentes wat nie geografies 'n eenheid vorm nie, maar aansoek doen om deel van die nuwe geografies bepaalde Sinode te wees (Art 32.2).

4. Dat daar 'n aanvanklike vyf jaar ooreenkoms tussen die Oostelike Sinode en die ter stigte Sinode gesluit word om sekuriteit te verleen aan die personeel en gemeenskaplike werksaamhede en die ter stigte Sinode geleentheid te bied om 'n administratiewe stelsel te ontwikkel.

5. Dat hierdie as 'n prioriteit hanteer moet word.

ARTIKEL WAARNA VERWYS WORD:
Artikel 32
32.1 Die Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke Sinode(s)/moderamen(s)/sinodale kommissie(s).

32.2 Gemeentes wat by 'n ander Sinode wil inskakel, doen aansoek by beide Sinodes/moderamens/sinodale kommissies wat dit oorweeg aan die hand van prosedures soos deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen in oorleg met die Algemene Taakspan Regte vasgestel is. Indien beide die betrokke Sinodes/moderamens/sinodale kommissies die aansoek goedkeur, word dit aan die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen voorgelê vir goedkeuring.

MOTIVERING:
1. Oostelike Sinode het reeds tydens die 2021 Buitengewone Sitting (BSS) bevestig dat die 2019 SGV besluit van die AS die kerk op 'n vasgeloopte plek gebring het.

2. Tydens Oostelike Sinode se 2022 Sitting is 'n proses goedgekeur om die planting van 'n nuwe kerkverband te ondersoek wat aan gemeentes wat nie meer langer deel van die Algemene Sinode wil wees nie 'n geleentheid sou skep om 'n alternatiewe kerkverband te vind. Hierdie proses was tydens die reses ondersoek en daar is besef dat dit nie werkbaar is nie weens verskeie Kerkordelike haakplekke.

3. Tydens 2021 se BSS het Oostelike Sinode onderneem om gemeentes wat nie hulle weg oopsien om langer deel van die Algemene Sinode te wees nie te help om uit verband te tree.

Handtekening: Johan Koen (Snr)
Hoedanigheid: Voorsitter van Kerkraad
Naam van Gemeente: Burgersfort Gemeente

8.3.2.2 Die KRDG reageer soos volg op die beskrywingspunt:

Historiese verloop sedert die 2022-besluit van die Sinode tot nou

1. 'n Taakspan Kerkverband is gevestig met 'n oop uitnodiging tot deelname.
2. Die konteks waarbinne aan die besluite sedert 2022 uitvoering gegee moes word, het verander:
   - ❖ Gemeentes het begin doleer. Gesprekke met dolerende gemeentes was dikwels moeilik met konfliksituasies. Gemeentes het ook hulle bydraes aan die Sinode se werksaamhede begin weerhou.
   - ❖ Gemeentes het ook Aktes van Opskorting aan die Sinode gestuur. Dit het hoër prioriteit begin begin vra en alle ander gesprekke begin onderdruk.
3. Die gebruik van Artikel 37 het geblyk meer kompleks te wees as voorsien.
4. Die gebruik van Artikel 32 bly 'n onseker saak totdat die Algemene Sinodale Moderamen daaroor duidelikheid gegee het.
5. Die Sinodale Diensraad het in April 2024 'n gesprek gevoer by NG Gemeente Kameeldrif. Dit was duidelik dat hierdie saak vir die meeste lede van die Sinodale Diensraad en hulle gemeentes nie 'n hoë prioriteit is nie.
6. Die voorgestelde padberade om moontlikhede saam met kerkrade en leraars oor 'n nuwe model vir kerkverband en die aard en inhoud van die assosiaat-verhouding te fasiliteer, is ook deur die kennisgewing van opskortings van kerkrade beïnvloed. Tot op hede is daar nie duidelikheid oor die inhoud en implikasies van sodanige plan nie. Die Buitengewone Sinodesitting waarna in die 2022 besluit verwys word, het dus nie plaasgevind nie aangesien daar geen plan was om voor te lê nie. Verder was die verwagting dat die Algemene Sinode 2023 duidelikheid sou gee.
7. Die Algemene Sinode Moderamen het regsopinies aangevra. Dit het duidelik geword dat dit nie moontlik is om uit die kerkverband te tree nie.
8. Die Sinodale Diensraad het as blyk van goedertrou toegestem dat Moreletapark en Ermelo-Oos 'n Ring kon vorm op grond van hulle gedeelde ongemak met die SGV-besluit. In die praktyk het dit geblyk dat dit nie gehelp het om hulle verbintenis aan Oostelike Sinode te verseker nie. Ermelo-Oos het 'n Akte van Opskorting gestuur. Moreletapark se pad met Oostelike Sinode moet nog duideliker deur die Gemeenteraad uitgespel word. Die laaste gesprek het onbevredigend verloop. Die nuwe ring is tans disfunksioneel.
9. Die Dagbestuur van die Sinodale Diensraad is van mening dat dit nie moontlik is om verdere uitvoering aan die 2022 besluit te kan gee nie. Daar is nie tans 'n alternatiewe plan nie.

8.3.2.3 Konklusie:

1. Die riglyne van Artikel 32 moet nog deur die Algemene Sinode Moderamen uitgepluis en goedgekeur word gevolglik kan die KRDG nie verder op die punt reageer nie.
2. Die KRDG neem kennis van die beskrywingspunt en wys daarop dat daar op hierdie stadium verskeie kerkordelike haakplekke is wat die steun aan 'n nuwe kerkverband onmoontlik maak.

8.3.2.4 Aanbeveling:

1. Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

8.4 WYSIGINGS AAN DIE BEPALINGE VAN DIE FAMILIEREËLS VAN DIE OOSTELIKE SINODE.

Die KRDG het die bepalinge van die Familiereëls in die lig van die 2023 Kerkorde van die NG Kerk nagegaan met die oog op redaksionele wysigings en belyning van bepalings en reglemente met die 2023 Kerkorde van die NG Kerk. Die bepalinge ter sprake in die verslag is slegs die waar daar wysigings van een of ander aard benodig word. Deurgehaalde gedeeltes van bepalinge word geskrap terwyl onderstreepte gedeeltes die nuwe verandering of byvoeging aandui.

8.4.1 Bepaling 4

Bepaling 4

Emeritaat, pensioen en versorging van afhanklikes van 'n Predikant

4.7 5.7 Die binnelandse trekkoste van 'n predikant wat in 'n pastorie woon by emeritaat, of van die eggenoot/afhanklike kinders in geval van afsterwe voor emeritaat, word deur die gemeente/kerkverband in wie se diens hy/sy was na die plek van vestiging gedra tensy in die diensooreenkoms anders bepaal.

8.4.2 Bepaling 15

Bepaling 15

Samestelling van die kerkraad

15.1 Die kerkraad bepaal hoeveel kerkraadslede daar moet wees, maar 'n kerkraad moet te alle tye uit minstens vyf lede bestaan.

~~15.2 Daar moet, sover moontlik, ewe veel ouderlinge en diakens in die kerkraad wees.~~

15.2 Alle leraars dien in die sentrale kerkraad.

15.3 Indien 'n kerkraad nie kan konstitueer nie, tree die ringsdiensraad op om die kerkraad tot die vereiste getal aan te vul. Die aanvulling word tydens 'n gemeentevergadering waarvan op twee opeenvolgende Sondae by die erediens(te) kennis gegee is, gedoen.

8.4.3 Bepaling 25

Bepaling 25

Opsig, Tug en Vermaning, / Appèlsake van die Ring

25.1.2 Die Ringsdiensraad fasiliteer die aanstelling van 'n tugliggaam volgens Reglement 22.4.2. ~~Indien die Ring nie 'n gevolmagtigde tugliggaam aangewys het nie, dien die Ringsdiensraad (bestaande uit 'n minimum van drie lede, indien nodig deur die sekundi aangevul) plus twee lede deur die Sinodale Kerkregdiensgroep aangewys, as die Ring se gevolmagtigde tugliggaam.~~

~~Indien moontlik moet een lid van die Ringstugliggaam ook vroulik wees – hetsy deur koöpsie, of aanwysing (Vergelyk Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning, punt 1.4.).~~

25.1.5 Die tugmaatreëls word gereël in ooreenstemming met Art 64 en Reglement 22.10 van die 2023 Kerkorde van die N G Kerk. ~~die Skriftuurlike, belydenis en kerkordelike oortredings waaraan die geïmpliseerde skuldig bevind is (Kleynhans EPJ (1988) Gereformeerde Kerkreg 4, bladsy 183; vgl. ook Artikel 66.4.5 en Reglement 22.7.1)~~

~~25.1.6 Die Ringstugliggaam neem kennis van Reglement 22.4.2.3~~

25.1.8 Die Ringstugliggaam bepaal voor die hantering van die saak of dit op die tafel van die Kerk, of op die tafel van die sekulêre hof hoort (die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat), ~~en/of~~

~~25.1.8.1 daar eers 'n versoenende gesprek tussen die partye kan plaasvind.~~

~~25.1.8.2 Indien die gesprek nie suksesvol kan plaasvind nie, word 25.1.9. gevolg.~~

25.1.9 Indien daar onsekerheid is of dit 'n kriminele oortreding kan wees, word van die advies van regsgeleerdes gebruik gemaak oor die plek waar die saak hoort. Die kerkregkundige/kerkregdiensgroep word genader om gepaste inligting te verskaf.

8.4.4 Bepaling 30

Bepaling 30

Vergaderinge van die Sinode

30.1 Die Sinode vergader op 'n tyd en plek soos deur die Sinode/Sinodale Diensraad bepaal. Die Sinode word opgeroep deur 'n kennisgewing aan al die kerkrade.

30.2 Elke gemeente vaardig ten minste een predikant en een ~~ouderling of diaken~~ kerkraadslid na die Sinodesitting af. Vir elke ander predikant wat afgevaardig word, word ook 'n ~~ouderling of diaken~~ kerkraadslid afgevaardig behalwe waar kombinering van gemeentes van toepassing is (Vergelyk Reglement 27.2.1.13). (Vergelyk Artikel 33.1.1 en 33.1.2)

30.3 Die Sinodale Diensraad het die reg om die vergadering uit te stel of 'n buitengewone vergadering byeen te roep met kennisgewing aan al die kerkrade.

8.4.5 Bepaling 31

Bepaling 31

Buitengewone Sinode

31.4 Ontwerpspan:

31.4.1 Die Ontwerpspan bepaal die tydsduur vir die Buitengewone Oostelike Sinodevergadering.

31.4.2 Die Ontwerpspan bestaan uit kundiges, die Uitvoerende Amptenaar, die voorsitter van die Sinodale Diensraad en die kerkregkundige.

~~31.5 Dieselfde finansiële reëls wat vir 'n gewone Sinodevergadering geld, geld ook ten opsigte van die begroting van die Buitegewone Oostelike Sinodale vergadering. (vgl. ook Reglement van Orde van die Algemene Sinode, Reglement 4.4.2).~~

8.4.6 Kerkregdiensgroep

36.3 **'n *Kerkregdiensgroep* wat*** (Die kerkregtelike beginsels wat in die Kerkorde van die Algemene Sinode op die Algemene Taakspan Regte van toepassing is, is ook van toepassing op Oostelike Sinode se Kerkregdiensgroep (vgl Reglement 8))

Die skuinsgedruk is tans 'n opskrif in die Familiereëls. Die KRDG oordeel dat dit as voetnoot vertoon moet word.

8.4.7 Bepaling 37

Bepaling 37

Doleer Die KRDG groepeer Bepaling 37 om saam met Artikel 23 wat handel met Kerklike appél, gravamen(beswaarskrif) en hersiening(revisie) gelees te word.

8.4.8 Reglement OOS 2

Wysigings ten opsigte van die reglemente van die Oostelike Sinode behels dat die numerering in die toekoms die woord "OOS" sal bevat bv REGLEMENT OOS-2. Die KRDG wil daardeur verwarring wat mag ontstaan tussen die Algemene Kerkorde en die Familiereëls uitskakel.

9. REGLEMENT OOS-2:

REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSRAAD

Punt 1 van die reglement soos gepubliseer was foutiewelik deel van die publikasie. Volgens die Handelinge van die Oostelike Sinode van 2022 (:77) was daar 'n gewysigde punt 1.

1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD

~~1.1 Die Sinode verkies die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende Sinodesitting dien.~~

~~1.2 Die Sinode verkies nog sewe sinodale leiers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale leiers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.~~

~~1.3 Die Kerkregkundige word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.~~

~~1.4 Die Voorsitter van Ondersteuningsdiens word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.~~

~~1.5 Die verkose lede van die Sinodale Diensraad word vir 'n termyn van vier jaar verkies en is nie in dieselfde hoedanigheid herkiesbaar nie.~~

~~1.6 Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, die Kerkregkundige, die Uitvoerende Amptenaar en nog 'n lid wat uit eie geledere deur die Sinodale Diensraad verkies is.~~

~~1.7 Die skribaat van die Sinodale Diensraad en die Dagbestuur word deur die uitvoerende amptenaar van die Sinode hanteer. Hy/sy is 'n volwaardige lid van die vergaderinge met stemreg.~~

~~1.8 Leiers van projekspanne kan, waar nodig, vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer word.~~

1.1 Die Sinode verkies die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende Sinodesitting dien. Hierdie persone is nie herkiesbaar in die daaropvolgende termyn in dieselfde posisie nie.

1.2 Die Sinode verkies sewe sinodale verteenwoordigers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale verteenwoordigers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Elke ring wys by die sinodesitting 'n Sinodale verteenwoordiger met 'n sekundus aan om op die Sinodale Diensraad te dien.

1.4 Die Kerkregkundige word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die voorsitters van bedieninge word vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer.

1.6 Die verkose Sinodale verteenwoordigers word vir 'n termyn van vier jaar verkies. (HANDELINGE OOSTELIKE SINODE 2022 BL 77)

2. NOMINASIES

2.1 Nominasies vir die voorsitter, ondervoorsitter en die ander sewe sinodale leiers word tegelykertyd tydens die vergadering ontvang.

2.2 Nominasies geskied op 'n goedgekeurde nominasievorm. Die voorsteller en sekondante voltooi die volgende: Die genomineerde se naam en van, sy/haar gemeente, die hoedanigheid/hede waarvoor hy/sy genomineer word, die voorsteller (naam en handtekening van die afgevaardigde), die twee sekondante (naam en handtekening van twee afgevaardigdes).

2.3 Die nominasievorm word ingehandig en aan die genomineerde voorsien wat geleentheid kry om dit biddend te oorweeg, met die afgevaardigdes van sy/haar gemeente te bespreek en dit te onderteken. Die nominasie is eers geldig as die persoon wat genomineer is, die nominasievorm onderteken het en die nominasie aanvaar.

2.4 Die diversiteit van die Sinode word in aanmerking geneem. Minstens twee lede (asook twee sekundi) van die Sinodale Diensraad moet nie-gelegitimeerdes wees en geslag (veral vroue) en ouderdom (veral jeug) moet by nominasie en verkiesing oorweeg word.

2.5 Die name van al die genomineerdes en die hoedanigheid/-hede waarvoor hulle benoem is, word dan tot beskikking van die hele vergadering gestel.

3. VERKIESING

3.1 Stembriewe word voorberei waarop die hoedanigheid waarvoor die persoon genomineer is (bv. sinodale leier: voorsitter) en die name van al die genomineerdes in alfabetiese volgorde verskyn met hul gemeente se naam, amp, ouderdom en geslag in hakies.

3.2 Voordat die stemming plaasvind word die genomineerdes aan die vergadering bekend gestel.

3.3 Die verkiesing van voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad vind eerste plaas, daarna die van die ander sewe sinodale leiers.

3.4 Elke stemming geskied deur die lede wat aanwesig is. Sinodale leiers asook sekundi, moet met 'n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede verkies word. Verkiesing van persone geskied op 'n geslote stemwyse. Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat in 'n bepaalde hoedanigheid verkies moet word. Indien vir 'n bepaalde hoedanigheid nie 'n volstrekte meerderheid van stemme op 'n persoon verenig is nie, vind 'n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstrekte meerderheid vorm. Indien die stemme staak, vind 'n volgende stemming tussen dieselfde persone plaas, waarna die lot beslis.

3.5 Ringe kom tydens die vergadering op 'n afgespreekte plek bymekaar en wys 'n primarius en sekundus met handopsteek aan om namens die ring op die Sinodale Diensraad te dien.

3.6 Die ringe kan nie iemand wat reeds as primarius deur die vergadering verkies is as ringsverteenwoordiger verkies nie. Indien 'n sekundus van die sinodale-verteenwoordigers as primarius van 'n ring verkies word, gaan die vergadering voort om 'n ander sekundus vir die Sinodale-verteenwoordigers te verkies.

4. VAKATURES

Na afloop van die Sinodesitting word vakatures in die Sinodale Diensraad van die Sinodale verteenwoordigers uit die sekundi aangevul. Indien die lys van sekundi uitgeput is, word dit deur die Sinodale Diensraad aangevul.

4.2 In geval waar sekudi vir 'n ringsverteenwoordiger uitgeput is, gaan die Sinodale Diensraad voort om iemand uit die bepaalde ring aan te wys. Die ring kan 'n aanbeveling aan die Sinodale Diensraad maak.

8.5 AANWYSING VAN VERTEENWOORDIGERS

8.5.1 Ondersoek- en tugliggame

Die Sinode het in terme van Reglemente 21 en 22 sinodale verteenwoordigers wat aangewys moet word om namens die Sinode op 'n ondersoek- en tugliggaam te dien. Dit het al vir 'n geruime tyd sy eie roepings (uitdagings) ingehou. Persone is gewoon nie beskikbaar nie of voel nie opgewasse om hierdie rol te vervul nie. Die KRDG beplan padberade om ringe en kerkrade te bemagtig in die hantering van die onderskeie Reglemente.

8.5.2 Aanbeveling:

1. Die Ringe wys twee persone aan wat op ondersoek- en tugliggame kan dien.
2. Die Sinode kondoneer die lys name van persone wat deur die ringe aangewys is om op ondersoek- en tugliggame te dien, goed.
3. Die Sinode neem kennis van die beplande opleiding om sinodale verteenwoordigers te bemagtig.

9 TEOLOGIESE OPLEIDING

Geroep, Gevorm, Gestuur.

Die Algemene Kuratorium het in 2022 opdrag van die Algemene Sinode Moderamen ontvang om Kerklike Opleiding (voorheen Kerkeie Opleiding) te standaardiseer tussen die Seminaria by die vyf opleidingsentra wat by die kerk geakkrediteer is:

As 'n eerste tree tot die standaardisering van Kerklike Opleiding gee die Algemene Kuratorium in hierdie inligtingstuk verslag van die inhoud en ook metode van Kerklike Opleiding. Die titel van die inligtingstuk is betekenisvol: Geroep, Gevorm en Gestuur.

In hierdie handleiding word die volgende uitgespel:

1. Hoe die **roete** wat ’n student volg lyk, vandat die student bewus geword het van 'n roeping om as ampsdraer van die kerk opgelei te word. Kerklike Opleiding begin by die bevestiging van die roeping van 'n student en vandaar stap die onderskeie Seminaria (die opleidingsinstellings van die onderskeie Kuratoria) 'n pad met die student totdat die student bevestig of gelegitimeer word.
2. Die onderrig benadering of **pedagogie van Kerklike Opleiding**. Kerklike Opleiding sluit in die vorming van die student se roeping en spiritualiteit (Etos); die ontwikkeling van kennis oor die kerk se leer en geskiedenis (Logos); en die student se vermoë om in die gemeente en gemeenskap te kan dien (Patos) in.
3. 'n Volledige **uiteensetting van die uitkomste of kapasiteite** waarop Teologiese Opleiding van die NG Kerk fokus. Hierdie is 'n verdere verwerking van die Raamwerk vir Bedieningsvorming wat in 2019 deur die Algemene Sinode goedgekeur is. 'n Uiteensetting van die teologiese fokuspunte van Kerklike Opleiding word ook gegee. Daar word ook verduidelik hoe dit verskil ten opsigte van die verskillende bane van opleiding.
4. Die ampsbevoegdheid van die verskillende bane.
5. Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO).
6. Kontakbesonderhede van die onderskeie Kuratoria waar studente kan aanmeld.

In 2015 het die Algemene Sinode gevra dat die Kuratorium die Profiel van die Afgestudeerde Student verwerk in terme van missionale kapasiteite.

Die proses van Kapasiteitsontwikkeling verdeel in vier interafhanklike elemente:

1. In kerklike opleiding is die ontwikkeling van die kapasiteite geanker in basiese kennis.
2. Kerklike ontwikkeling het ten doel om die vaardighede te bemeester en te ontwikkel..
3. Op die vlak van gesindhede en houdings word daar gedink aan die positiewe aspekte (deugde) van ingeoefende kapasiteite.
4. Praktyke wat ingeoefen word, word gewoontes. Daarom is kapasiteitsontwikkeling tydsaam en het ten doel om nuwe gewoontes te vorm.

2 | Roetekaart vir Teologiese Opleiding in die NG Kerk

Persone wat geroep is tot bediening in die NG Kerk volg die onderstaande roetekaart van aanmelding tot by legitimasie in een van die NG Kerk se bedieningsbane.

AANMELDING
Voornemende studente meld vanuit gemeentes by die verskillende Kuratoria van die NG Kerk aan.

ROEPINGSONDERSKEIDING
Onderskeidende roepingsgesprekke word met voornemende studente en die gemeentes wat hulle stuur – en saam met hulle gaan reis – gevoer. Daar word onder andere gefokus op persone se geloofspad, roepingsverhaal, bedieningspassies en -gawes, en die moontlike bedieningsbaan waartoe persone geroep is.

Akademiese Opleiding

AANSOEK BY AKADEMIESE VENNOOT
Aansoek word by een van die geakkrediteerde akademiese instellings/opleidingsentra van die NG Kerk gedoen: die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van die Vrystaat, Hugenote Kollege, en die Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarium.

REGISTRASIE BY AKADEMIESE VENNOOT
Registrasie vind by een van die geakkrediteerde akademiese instellings/opleidingsentra van die NG Kerk plaas.

AKADEMIESE OPLEIDING
Studente voltooi – ooreenkomstig die bedieningsbaan waarin hul opgelei word – die akademiese programme wat deur een van die geakkrediteerde akademiese instellings/opleidingsentra van die NG Kerk aangebied word.

Kerklike Opleiding

AANSOEK BY DIE KURATORIUM
Aansoek word by die verskillende Kuratoria van die NG Kerk gedoen om 'n student van die NG Kerk te word. Kerklike keuring vind plaas.

REGISTRASIE BY SEMINARIUM
Aanvaarde kerklike studente registreer by die onderskeie Seminaria van die NG Kerk om die Program in Bedieningsvorming te voltooi. *

KERKLIKE OPLEIDING
Studente voltooi – ooreenkomstig die bedieningsbaan waarin hul opgelei word – die NG Kerk se Program in Bedieningsvorming wat deur die verskillende Seminaria aangebied word. Met die voltooiing van Kerklike Opleiding ontvang studente 'n Kerkelike Sertifikaat van die Algemene Kuratorium.

LEGITIMASIE
Na die suksesvolle voltooiing van beide die Kerklike en Akademiese opleidingsprogramme word studente in een van die Bedieningsbane van die NG Kerk gelegitimeer.

VOORTGESETTE BEDIENINGS ONTWIKKELING (VBO)

* In die geval van die Kuratorium in Pretoria word Kerklike Opleiding gedoen in die Program van Kerkele Opleiding.

Om studente hierin te vorm word die “retoriese” struktuur toegepas. Ons gebruik ’n retoriese struktuur sodat geroepenes bemagtig sal word om in die praktyk missionale kapasiteite te ontwikkel. Die retoriese struktuur sluit die volgende aspekte in:

- ETOS – Ontwikkeling van die persoon (Wie ek is en word)
- LOGOS – Verstaan van die boodskap (Wat en hoe ek glo)
- PATOS – Deernis met die konteks (Wie en hoe ek dien)

Hierdie retoriese struktuur van Etos, Logos en Patos vorm die raamwerk vir die vorming van sestien missionale kapasiteite. Hierdie kapasiteite word as volg uitgebeeld:

Elkeen van die sestien kapasiteite werk met hierdie pedagogie en het ten doel om die studente in die verskillende opleidingsbane te help met die ontwikkeling van etos, logos en patos. Omdat dit 'n lewenslange proses is, word daar voortdurend as leergemeenskap nuwe ontdekkings gemaak en word kapasiteite verdiep.

Die Bedieningskapasiteite is die uitkomste waarop Kerklike Opleiding fokus. Met hierdie uitkomste in gedagte word die leerplanne van die Seminaria ontwikkel.

5 | BEVOEGDHEDE

PREDIKANT / GEMEENTELERAAR

Gelegitimeer as proponent en beroepbaar na gemeentes met preek- en sakramentbevoegdheid.

DIENSLERAAR

Gelegitimeer as proponent en beroepbaar na gemeentes om te bedien in area van opleiding onder mentorskap van gemeenteleraar. Word georden met preek- en sakramentbevoegdheid.

BEDIENAARS

Ring verleen bevoegdheid en bevestig bedienaar as ouderling of diaken. Beskik oor bevoegdheid om in bedieningsarea diens te lewer o.l.v predikant as mentor.

STANDPLAASLERAAR

Gemeenteleraar in die "standplaas" (unieke missionale konteks) en beroepbaar as leraar na soortgelyke standplaas. Word georden as leraars met preek- en sakramentsbevoegdheid.

6 | VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)

Nadat geroepenes in een van die Bedieningsbane van die NG Kerk gelegitimeer is, word hul deel van die Kerk se Program in Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO). Die VBO Program bou voort op die teologiese opleiding wat in hierdie boekie bespreek is, om gelegitimeerdes te vorm en toe te rus vir missionale bediening vandag.



10 TAAKSPANNE: GEMEENTE-ONDERSTEUNING EN KOMMUNIKASIE

10.1 VERSLAG: TAAKSPAN GEMEENTE-ONDERSTEUNING

Die fokus van die Taakspan is op twee fasette: (a) die ondersteuning van klein gemeentes, en (b) die toerusting aan al ons gemeentes in terme van die funksionering van ons kerkkantore, administrasie en die finansiële prosesse wat deel uitmaak van 'n gemeente se bestuur.

10.1.1 Kleiner gemeentes

1. Die Taakspan se fokus is op die ondersteuning van veral ons kleiner gemeentes.
2. Carl Louwrens, emeritusleraar, het saam met Francois Retief die verantwoordelikheid aanvaar om hierdie taakspan se werksaamhede te bestuur.
3. Die taakspan het 'n konferensie gereël vir gemeentes met minder as 200 lidmate volgens die statistiek wat vir die Jaarboek ingestuur is. Die konferensie het by Milly's naby Belfast plaasgevind. Die fokus van die konferensie was om na gemeentes se verhale te luister.
4. Dit het duidelik geword dat meeste van hierdie gemeentes in 'n oorlewingstryd gewikkel is. Die verval van die platteland in terme van ontvolking weens min werksgeleenthede en die infrastruktuur se agteruitgang is uitgewys as kritiese faktore wat tot die uitdagings vir gemeentes lei.
5. Die realiteit is dat klein gemeentes later net fokus op 'n erediens op Sondag en 'n bietjie versorging van mekaar. Gemeentes vind dit moeilik om die missionale tree te gee na 'n breër gemeenskap as wat vroeër die fokus was. Daar is wel enkele verhale waar die gemeente wel hierdie tree gegee het en sodoende nuwe energie gevind het in die verskil wat hulle in die groter gemeenskap kon maak.
6. Twaalf van ons gemeentes het nie meer 'n leraar nie.
7. Die Sinodale Diensraad het geordeel dat Francois Retief vir 'n jaar fokus op die bediening aan en van ons kleiner gemeentes.

10.1.2 Toerusting van kerkkantore en personeel

1. Cathy Odendaal en Annelize Meyer in die Sinodehuis fokus op die toerusting van ons gemeentes se kerkkantoor-personeel.

2. 'n Eerste geleentheid is saam met Noordelike Sinode aangebied vir gemeentes in die Pretoria-omgewing. Die tweede geleentheid was in Nelspruit en die derde in Middelburg.
3. Personeel word toegerus oor die volgende fasette:
   - ❖ finansiële prosesse: vergoeding, boekhouding, verlof, personeelbestuur, Pastel
   - ❖ argief, Winkerk, sakelyste en notules
   - ❖ kommunikasie, sosiale media, vertel julle storie...
4. Cathy Odendaal hanteer steeds die maandelikse salarisrol van 10 gemeentes wat insluit vergoeding, verlof, pensioenberekenings, werkloosheidsversekering, belasting en die vergoedingskommissaris. Belangrik: Oostelike Sinode het nie toegang tot die gemeentes se bankrekening nie en doen geen betalings namens die gemeente nie. Gemeentes doen self die betalings.

10.1.3 Sinodesitting

Ons beplan om tydens die Sinodesitting gesprekke te fasiliteer oor onder andere die rol van die kerkkantoor en personeel in die gemeente, die fidusiêre verantwoordelikhede van kerkrade asook kommunikasie met en vanuit die gemeente.

10.2 VERSLAG: TAAKSPAN KOMMUNIKASIE

10.2.1 Kommunikasie in die Oostelike Sinode: 'n Terugblik en Toekomsdroom

Die afgelope twee jaar het ons by die Sinodehuis daarna gestreef om die beeld van die Sinode te verbeter deur ons kommunikasie op te skerp. Ons het verskeie inisiatiewe geïmplementeer:

1. Die Familienuus se voorkoms is opgegradeer.
2. Ons databasis word voortdurend verfyn.
3. Ons poog om relevante en belangrike inligting gereeld te deel en veral kommunikasie na kerkkantore te verbeter.
4. Ons poog om taakspanne se projekte en geleenthede aktief te bemark.
5. Gemeentes se verhale word meer gereeld gedeel.

'n Splinternuwe inisiatief, Yskasstories, is ons kwartaallikse platform waar ons stories van hoop gedeel word. Ons beplan om hierdie platform uit te brei om nog meer inspirerende verhale uit ons gemeentes te deel.

10.2.2 Ons droom vir die toekoms

Ons streef daarna om in ons kommunikasie voortdurend aan te pas en tred te hou met nuwe tendense. Só kan ons verseker dat inligting optimaal versprei word en dat hoopvolle stories wyer gedeel kan word. Ons glo dat ons 'n belangrike storie het om te deel.

As 'n geloofsfamilie is dit ons droom om ons gemeentes se projekte en aksies meer sigbaar te maak. Sodoende kan ons mekaar ondersteun en 'n betekenisvolle impak in ons Sinodestreek hê.

10.2.3 E-kom netwerk

In 2024 het ons deel geword van 'n groter kommunikasienetwerk, geïnisieer deur die Algemene Sinode. Hierdie netwerk sluit verskeie rolspelers in die Suid-Afrikaanse kerkmilieu in - van sinodale verteenwoordigers tot die Kerkbode, Bybel-media en Excelsus. Hierdie samewerking stel ons in staat om as 'n groter kerklike gemeenskap saam te droom oor hoe ons ons getuienis meer relevant en effektief na buite kan deel.

10.2.4 Maandelikse eLeer-geleenthede

Vanuit hierdie breër platform word maandelikse eLEER-geleenthede aangebied, wat ons graag in ons eie Sinodestreek wil herhaal. Ons beplan om maandelikse aanlyn geleenthede vanuit die Sinodehuis aan te bied waar daar saam gesels en gedroom kan word oor temas soos:

- Skep van 'n kommunikasie- en bemarkingstrategie vir gemeentes
- Die gebruik van WhatsApp Business in die gemeente
- Integrering van sosiale media platforms soos Facebook en Instagram
- Webwerwe se funksie en optimalisering
- Die benutting van YouTube, podcasts en ander digitale platforms
- Die moontlikhede van 'n gemeente-toepassing (app)
- Hoe kunsmatige intelligensie kan help met kwaliteit inhoud
- Joernalistieke vaardighede vir die skryf van mens-stories en artikels

10.2.5 Kerkbode hulp aan gemeentes

Kerkbode-Kollig en kerk wat werk-stories in Kerkbode bied 'n uitstekende geleentheid om ons gemeentes se impak wyer bekend te stel. Ons droom daarvan dat meer van ons gemeentes se stories in hierdie rubrieke opgeneem sal word!

'n Nuwe inisiatief van Die Kerkbode is 'n gratis dagboekfunksie waar gemeentes en organisasies hul spesiale geleenthede kan bemark. Besoek gerus www.kerkbode.christians.co.za/gebeure/ vir meer inligting.

10.2.6 Opwindende nuwe kommunikasiekanale

Binnekort sal die Oostelike Sinode sy eie WhatsApp-nommer, Facebook- en Instagram-blad, asook 'n YouTube-kanaal hê. Hierdie platforms sal ons in staat stel om ons eie Sinode se stories meer effektief te deel.

10.2.7 Ontmoet Claude! (Kunsmatige intelligensie)

Lees wat het Claude geantwoord op die vraag:

“As spesialis op die gebied van effektiewe kommunikasie wat sal jou antwoord wees aan christelike gemeentes in Suid Afrika op die volgende vraag: Wat is belangrikste aspekte waarna NG gemeentes in Suid Afrika moet let as hulle in die toekoms meer effektief wil kommunikeer?”

Claude se antwoord:

As 'n spesialis in effektiewe kommunikasie, sou ek die volgende sleutelaspekte uitlig vir NG gemeentes in Suid-Afrika om hul kommunikasie in die toekoms te verbeter:

1. Digitale teenwoordigheid: Versterk aanlyn platforms soos webwerwe, sosiale media en video-inhoud om jonger generasies en tegnologies-vaardige lidmate te bereik.
2. Inklusiwiteit: Verseker dat kommunikasie alle gemeenskapslede aanspreek, ongeag ouderdom, ras, of sosio-ekonomiese status.
3. Relevansie: Koppel kerklike boodskappe aan hedendaagse kwessies en uitdagings wat Suid-Afrikaners in die gesig staar.
4. Deursigtigheid: Kommunikeer openlik oor kerksake, finansies en besluitnemingsprosesse om vertroue te bou.

5. Tweerigting-kommunikasie: Skep geleenthede vir lidmate om terugvoer te gee en in dialoog te tree met kerkleierskap.
6. Visuele kommunikasie: Gebruik meer beelde, infografieke en video's om komplekse idees toegankliker te maak.
7. Taalgebruik: Pas taalgebruik aan vir verskillende teikengroepe, veral wanneer jongmense aangespreek word.
8. Gemeenskapsbetrokkenheid: Kommunikeer duidelik oor die kerk se rol in plaaslike gemeenskapsprojekte en sosiale kwessies.
9. Interkulturele sensitiwiteit: Erken en respekteer Suid-Afrika se diverse kulturele landskappe in alle kommunikasie.
10. Tegnologie-integrasie: Benut tegnologie soos mobiele toepassings of podcast-platforms om boodskappe wyer te versprei.

Sou u graag hê dat ek enige van hierdie punte verder toelig?

My antwoord:

“Baie dankie vir goeie inligting”

Claude se antwoord:

“Dit is 'n plesier. Ek is bly dat die inligting van waarde was vir u. As u in die toekoms enige verdere vrae het oor effektiewe kommunikasie in kerklike konteks, of as u dieper wil delf in enige van die genoemde aspekte, is ek beskikbaar om te help. Sterkte met die implementering van verbeterde kommunikasiestrategieë in NG gemeentes.”

Laat ons 2025 'n jaar maak waarin die Oostelike Sinode se gemeenskap meer stories van hoop kan lees en beleef! Saam kan ons 'n verskil maak.